

HOOFSTUK EEN

PROBLEEMSTELLING

INLEIDING

Die uiteindelijke doel van deelname in kompetisiesport is om sukses te behaal en dit is so dat elke sportdeelnemer maksimaal op sportgebied wil presteer. Dit gebeur egter soms dat deelnemers wat goeie fisieke sportpotensiaal toon om die een of ander rede uitsak of onderpresteer in sport. 'n Rede hiervoor is 'n probleem met motivering. Die hooffokus van motiveringsnavorsing die afgelope paar jaar was in ooreenstemming met die taak- en ego oriëntering of te wel die doelperspektief teorie van Duda (1989). Volgens hierdie teorie meet taakgeoriënteerde sportdeelnemers sukses deur vordering in die sporttaak met die hooffokus op selfbemeestering en die bereiking van persoonlike doelwitte (Steyn, 2001; White, 1996; Williams, 1994). Taakgeoriënteerde deelnemers word intrinsiek gemotiveer en is prosesgeoriënteerd (Wann, 1997). Egoeoriënteerde deelnemers, in kontras met die taakgeoriënteerde deelnemer, sal sukses ervaar in vergelyking tot die prestasie van ander deelnemers en opponente (Ommundsen & Roberts, 1996; Steyn, 2001). Die hoofdoel van die egoeoriënteerde deelnemer is om die opponent (met die minste moontlike inspanning) te klop. Egoeoriënteerde deelnemers word deur eksterne faktore gemotiveer en is uitkomsgeoriënteerd (Wann, 1997).

Die intrapersoonlike verhouding van die sportdeelnemer (selfkonsep) word deur sosiale vergelyking met ander deelnemers gevestig (Brandl-Bredenbeck & Brettschneider, 1997; Hones & Edwards, 1990). Marsh (1998) beweer dat 'n positiewe intrapersoonlike verhouding (selfkonsep) noodsaaklik is vir sukses in sport. Dit is daarom 'n logiese afleiding dat hoë taakoriëntering en 'n positiewe, konstruktiewe intrapersoonlike verhouding by die sportdeelnemer vir hoë vlakke van prestasie in sport voordelig kan wees.

Die aanname is ook gemaak dat die kwaliteit van interpersoonlike verhoudinge (sosiale klimaat) ook in 'n besondere verhouding met doeloriëntering staan. Dit is om hierdie rede dat die intra- en interpersoonlike verhoudinge se algehele dinamiek en interaksie met doeloriëntering ondersoek is.

PROBLEEMSTELLING

Daar is reeds baie navorsing in die sportsielkunde gedoen oor watter sielkundige veranderlikes sportprestasie bepaal. 'n Verdere snypunt in sportsielkundige navorsing was ook gerig op die verskeie dimensies van deelname en prestasie motivering (Ntoumanis & Biddle, 1998). Navorsing het gefokus op die geïsoleerde invloed van doeloriëntering en van intrapersoonlike verhouding (selfkonsep van sportdeelnemer) in die sportkonteks. Wat egter nog grootliks onbetrede gebied is, is navorsing wat ondersoek watter invloed die ouers en afrigters op die atleet se motiveringsprofiel het. Die hoofrolspelers in die ontwikkeling van sportdeelnemers in die algemeen is die interaksie tussen die atleet, sy ouers en sy afrigter in hierdie sogenaamde "sportdriehoek" (Wylleman, 1995). Dit is so dat baie ouers en afrigters probeer om die regte insette te lewer, maar soms deur onkunde 'n negatiewe invloed op die atleet het. Hierdie sosiale klimaat wat geskep word het 'n onwegdinkbare invloed op die deelnemer se motivering en selfbeeldvorming. Die kernprobleem van hierdie navorsing is dus dat die genoemde verskynsels (doeloriëntering, intra- en interpersoonlike verhoudinge) en die dinamiese relasies tussen die verskynsels nog nie duidelik verstaan en behoorlik in die sportsielkunde ondersoek is nie.

DOEL VAN DIE STUDIE

Die primêre doel is om die algehele dinamiek van doeloriëntering, intra- en interpersoonlike verhoudinge te ondersoek en te poog om die komplekse interaksies van hierdie genoemde fenomene beter te verstaan. Daar sal ook gepoog word om te bepaal watter fenomene vorm die grondslag (oorsprong) of byprodukte (uitkoms) in hierdie komplekse interaksie. Verdere doelwitte van hierdie studie is om:

- Deur kwantitatiewe navorsing die relasies tussen die doeloriëntering van die sportdeelnemer (taak- of ego oriëntering) en persepsies van die doeloriëntering van die betrokke ouers en afrigter, te bepaal.
- Deur kwantitatiewe navorsing die relasie tussen interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met sy ouers en afrigter) en intrapersoonlike verhouding (sportdeelnemer se selfkonsep), te bepaal.
- Deur kwantitatiewe navorsing die verband tussen die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding en sy doeloriëntering, te bepaal.
- Deur kwantitatiewe navorsing die verband tussen interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met ouers en afrigter) en die doeloriëntering van die sportdeelnemer, te bepaal.
- Deur kwalitatiewe navorsing die onderhouddata te gebruik om van die vrae wat uit die kwantitatiewe studie ontstaan het, te verifieer en verder te bepaal waar doeloriëntering vandaan kom en hoe dit by die sportdeelnemer deur interaksie met ouers en afrigters vasgelê word.
- Die kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing sinvol te integreer en logiese korrelasies en afleidings te maak.

DEFINISIE VAN TERME

Enkele begrippe wat in die studie gebruik word, word nou kortliks omskryf.

Doeloriëntering verwys na hoe sukses en mislukking in die sportsituasie gedefinieer en verklaar word. Daar word onderskei tussen taak- en egogeorienteerdheid. Dit is in kort die sportdeelnemer se persepsies van wat sukses en mislukking is.

Interpersoonlike verhoudinge word gedefinieer as hoe die sportdeelnemer sy verhouding met onderskeidelik sy pa, ma en afrigter ervaar. Dit gaan oor die kwaliteit van hierdie verhoudinge.

Intrapersoonlike verhouding (selfkonsep) word gedefinieer as die sportdeelnemer se verhouding met homself, hoe hy homself ervaar. Dit sluit in selfbeeld, selfwaarde en selfpersepsie.

Doeloriëntering van die pa, ma en afrigter is die persepsie wat die sportdeelnemer het oor hoe sy pa, ma en afrigter sukses in die sportsituasie verklaar.

VERLOOP VAN DIE STUDIE

Die studie word in twee dele naamlik kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing verdeel. In die kwantitatiewe navorsingsfase is van 'n gestandaardiseerde vraelys gebruik gemaak om ondersoek in te stel na die onderskeie relasies tussen doeloriëntering, intra- en interpersoonlike verhoudinge in die bekende sportdriehoek verhouding tussen die deelnemer, ouers en afrigter. Tydens die kwalitatiewe navorsing word indiepte onderhoude met sewe kompeterende sportdeelnemers gevoer om uit te vind waar en hoe doeloriëntering tydens interaksie met ouers en afrigters vasgelê word. 'n Verdere doel is om die algehele interaksie en dinamiek van doeloriëntering asook intra- en interpersoonlike verhoudinge beter te begryp.

HOOFSTUK TWEE

LITERATUUROORSIG

In hierdie hoofstuk word relevante literatuur ondersoek. Eerstens word doeloriëntering as teorie vir prestasiemotivering ondersoek en daarna word intrapersoonlike verhouding of selfkonsep bespreek. Laastens word literatuur oor die invloed van interpersoonlike verhoudinge tussen sportdeelnemers, ouers en afrigters op hierdie terme gedokumenteer.

DOELORIËNTERING AS TEORIE VIR PRESTASIEMOTIVERING

Inleiding

Die doel van sportdeelname is om suksesvol te wees, maar sukses word nie altyd deur alle mense op dieselfde manier verklaar nie. Nicholls (1984) onderskei tussen twee onafhanklike doelperspektiewe naamlik taak- en ego oriëntasie. Hierdie perspektiewe word doeloriëntering genoem en bepaal hoe daardie mens sukses in die sportsituasie verklaar. Doeloriëntering verwys na die individu se benadering tot prestasie en die doel van sportdeelname (Dunn & Dunn, 1999; Potgieter, 1997). Doeloriëntering beïnvloed sportdeelnemers se prestasiemotivering aangesien dit die manier is waarop hulle sukses en mislukking in die sportsituasie verklaar (Dunn, 2000).

Potgieter (1997) definieer prestasiemotivering as die sportdeelnemer se gedrag in prestasiesituasies waar prestasie aan die hand van sekere standaarde bepaal word. Hierdie standaarde kan vorige prestasie, gestandaardiseerde tabelle of die opponent wees. Optimalisering en behoud van motivering by die atleet is krities vir twee redes. Eerstens, atlete sal nie hul maksimum vlak van prestasie bereik as hulle nie hoë vlakke van motivering het nie. Tweedens sal atlete wat lae vlakke van motivering het, nie voldoende vreugde uit hul kompetisiedeelname kan put nie en die risiko loop om hul sportloopbane te termineer (Fry & Fry, 1999).

Taak- en ego oriëntering

Wanneer 'n persoon taakgeoriënteerd is, word die ervaring van leer en persoonlike ontwikkeling as vordering of sukses bepaal (Wann, 1997). Sulke mense is nie primêr daarvoor begaan om hul prestasie met die van ander te vergelyk nie (Duda, 1996; Ntoumanis & Biddle, 1998; Potgieter, 1997; Vlachopoulos, Biddle & Fox, 1997). Deelnemers wat taakgerig is beoordeel hul bevoegdheid deur doelwitbereiking, leer en vordering (Williams, 1994). Sukses in taakoriëntering word ervaar wanneer die atleet iets nuut en uitdagends aanleer en sy beste probeer om die taak uit te voer (Fry & Fry, 1999; White, 1996; Williams, 1994). Taakoriëntering word ook geassosieer met die verwagting dat sportdeelname selfvertroue sal verbeter, mense leer om hul beste te probeer, en om oor die algemeen goeie burgers te wees (Duda, 1989). Die taakgeoriënteerde atleet voel die meeste suksesvol wanneer hy hard probeer het en suksesvol was in die bemeestering van 'n vaardigheid. Taakgeoriënteerde individue is gemotiveer om deel te neem en sal volhou met deelname solank as wat daar 'n mate van persoonlike uitdaging teenwoordig is (White, 1998a).

Die egogeorieënteerde persoon, daarenteen, is primêr gefokus daarop om te wen en sien homself as suksesvol alleen as hy die beste is (Wann, 1997; White 1996; White, 1998a; White, 1998b). Ego gerigte deelnemers poog om die prestasie van ander te oortref en sal hulself konstant met ander vergelyk (Ommundsen & Roberts, 1996; White, 1996; White, 1998a; Williams, 1994). Sosiale vergelyking dien dus as inligtingsbron. Egogeorieënteerde deelnemers verwag dat sport hul sosiale status sal verbeter en gevoelens van selfbelangrikheid sal verhoog (Duda, 1989). Hierdie persone voel suksesvol as hulle die opponent klop met die minste moontlike inspanning (Fry & Fry, 1999).

Vlachopoulos en Biddle (1996) plaas klem op die feit dat taakgeoriënteerde sportdeelnemers sukses ervaar wanneer hulle hulself vergelyk met hul eie vorige prestasies en daarop verbeter het. Egogeorieënteerde persone se hoofdoel is om superioriteit teenoor hul opponente te demonstreer. Vlachopoulos *et al.*, (1997) meen

dat deelnemers met 'n taakgeoriënteerde ingesteldheid nie primêr daarvoor begaan is om hul vermoë te demonstreeer nie en sal daarom maksimale poging aanwend om die betrokke taak te bemeester, sonder om hulself met hul maats te vergelyk. Al is daar deelnemers met meer vaardighede teenwoordig sal hulle steeds aanhou probeer om die doelwit te bereik. Egogeoriënteerde deelnemers sal eerder hul vermoë aan hul maats wil wys en indien hulle dan nie 'n taak regkry nie sal hulle ophou probeer as hulle ervaar dat hulle vermoëns ondergeskik aan andere is (Fry & Fry, 1999). Vir die taakgeoriënteerde deelnemer is sport die doel opsigself, terwyl die egogeoriënteerde deelnemer sport as 'n middel tot die doel sien (Duda, Olson & Templin, 1991; Steyn, Steenkamp & Viviers, 1997; White, 1998b).

Steyn (2001) som taak- en ego oriëntasie soos volg op:

Tabel 1: Die verskil tussen taak- en ego oriëntasie

TAAKORIËNTASIE	EGO ORIËNTASIE
Min vergelyking met opponent om sukses te bepaal.	Konstante vergelyking met opponent om sukses te bepaal.
Sukses word bepaal deur die bereiking van persoonlike doelwitte en persoonlike vordering (interne norm).	Sukses word bepaal deur die opponent te klop (eksterne norm).
Intrinsieke motivering oorheersend (plesier, tevredenheid).	Ekstrinsieke motivering oorheersend (erkenning, medaljes, sosiale aanvaarding).
Prosesgeoriënteerd (ervaring van leer is belangrik).	Uitkomsgeoriënteerd (wen is alles).
Deelnemer bly meester van sy eie bestaan.	Sport kan 'n obsessie word.
Verhoogde inspanning wanneer sportsituasie uitdagend is.	Minder inspanning as sportsituasie baie moeilik word.
Waag meer en neem meer risiko's en is meer selfstandig.	Neem minder risiko's en is meer afhanklik.
Laer stres en meer onverdeelde gefokus.	Hoër stres en meer verdeelbaar/afleibaar.

Daar word soms verkeerdlik aanvaar dat die taakgeoriënteerde persoon net vir die pret deelneem en dat wen nie belangrik is nie. Die wenfaktor is vir die taakgeoriënteerde sportdeelnemer ook belangrik, maar nie allesoorheersend nie. Duda (1993) sê dat die groot verskil lê in die vernietiging wat die egogeoriënteerde persoon

ervaar wanneer hy verloor.

Duda (1993) sê verder dat 'n persoon nie noodwendig taak- of egogeorieëteerd hoef te wees nie, maar kan hoog in albei oriënterings, laag in albei of hoog in een en laag in die ander wees. Verskeie ander navorsers ondersteun hierdie stelling en sê dat beide oriënterings in verskillende kombinasies by een persoon teenwoordig kan wees (Fry & Fry, 1999; Steyn, 1995; White, 1998a).

Die invloed van doeloriëntering op sport

Relatief min navorsing is nog gedoen in die evaluasie van die doeloriëntering van topvlak atlete, maar aanduidings is dat alle vlakke van deelnemers dieselfde in terme van doeloriëntering reageer (Fry & Fry, 1999). Daar word vervolgens gekyk na die invloed van doeloriëntering op motivering, genot, angs, langtermynsportdeelname, risikogeneidheid en etiese gedrag in sport.

Motivering

Hoë taakoriëntering, in teenstelling met hoë ego oriëntering sal prestasie-motivering bevorder, deurdat die atleet op die taak op hande fokus (Fry & Fry, 1999). Atlete wat hoog in taakoriëntering meet staan 'n beter kans om hul sporttalent te optimaliseer oor 'n lang tydperk van sportdeelname (Fry & Fry, 1999). Duda en White (1992) het gevind dat elite skiërs wat hoog was in taakoriëntering geglo het dat sukses in sport afhang van hoe hard jy oefen en hoe lank jy aanhou probeer. Egogeorieëteerde atlete het gemeen dat sukses bepaal word deur aangebore talent, ontoelaatbare optredes en eksterne faktore soos byvoorbeeld toerusting.

Van-Yperen en Duda (1999) het 'n studie gedoen waarin hulle die verband tussen doeloriëntering en die oorsake van sukses op sport by topvlak sokkerspelers ondersoek het. Hulle het gevind dat taakgeorieëteerde atlete glo dat intensiteit, spanwerk en ouerlike ondersteuning tot die bereiking van sukses in sokker bydra.

Egogeoriënteerde deelnemers het geglo dat aangebore talent en vermoë sukses bepaal. Dunn (2000), Newton en Fry (1998), asook Walling en Duda (1995) ondersteun hierdie bevindinge en het soortgelyke resultate verkry. Dit is belangrik vir jong atlete om te glo dat sukses volg op die intensiteit van die poging aangesien dit 'n faktor is wat beheerbaar is. Indien sukses in sport as gevolg van genetiese eienskappe is, sal atlete wat dink hulle is gebore met minder talent nie hul volle potensiaal in sport bereik nie (Fry & Fry, 1999). Intensiteit van die poging en genot is krities om motivering by jong atlete te optimaliseer.

Newton en Duda (1999) se navorsing het aangetoon dat taakgeoriënteerde deelnemers geglo het dat sukses in sport met die intensiteit van die poging verband hou. Egogeoriënteerde deelnemers het weer gedink dat hul vermoë bepaal of hulle sukses sal bereik of nie. Ntoumanis en Biddle (1998) het gevind dat hoë taakoriëntasie gedrag in sport bepaal ongeag of ego oriëntasie laag of hoog is. Hoë ego oriëntasie opsigself is nie nadelig nie so lank as wat hoë taakoriëntering ook teenwoordig is. Hierdie siening word ondersteun deur Dunn en Dunn (1999) wat 'n studie gedoen het op die doeloriëntering van elite yshokkiespelers. Hulle het gevind dat ongeag van ego oriëntering, atlete wat laag was in taakoriëntering laer motiveringsvlakke as die wat hoog was in taakoriëntering getoon het.

Navorsing wat deur White (1998b) gedoen is op 581 vroulike vlugbalspelers het gevind dat persone met hoë ego oriëntering die doel van sport beskou as om populariteit tussen maats te verhoog, ontoelaatbare tegnieke aan te leer om te kan wen en die geleentheid om superioriteit teenoor ander te demonstreer. Taakgeoriënteerde deelnemers het die doel van sport gesien as om vaardighede te bemeester en om spanwerk en samewerking te bevorder. Hierdie deelnemers het ook aangedui dat die doel van sport nie was om sosiale status te verhoog en erkenning te verkry nie. Lae motivering kom voor by deelnemers wat hoog in ego oriëntering en laag in taakoriëntering meet. Die implikasie van hierdie bevindinge is dat taakgeoriënteerdheid oorheersend moet wees en is essensieel en van fundamentele belang vir langtermyn sportmotivering.

Sarrazin, Cury en Roberts (1999) het 'n studie gedoen waarin hulle die effek van doeloriëntering op die intensiteit van die poging tydens rotsklim teen 'n klimmuur ondersoek het. Hulle bevindinge stel dit duidelik dat die taakgeoriënteerde groep harder probeer het namate die moeilikheidsgraad van die taak verhoog het. Die egogeoriënteerde groep, daarenteen, het minder inspanning en intensiteit openbaar soos wat die taak moeiliker geword het. Dit is interessant om daarop te let dat die egogeoriënteerde deelnemers die meeste intensiteit ingesit het by die maklikste roetes op die klimmuur.

Genot

Duda (1989) het gevind dat taakoriëntasie by gimnaste tot verbeterde selfbeeld, liggaamsbeeld, en verhoogde vlakke van genot in gimnastiek gelei het. Vlachopoulos en Biddle (1996) het gevind dat kinders met hoë taakoriëntering meer genot as egogeoriënteerde kinders in sportaktiwiteite gerapporteer het. In 'n studie gedoen op junior elite kragoptellers is gevind dat taakoriëntering positief gekorreleer het met atlete se persepsies van genot en intensiteit in die sport van kragoptel (Fry & Fry, 1999). Stephens (1998) het ook gevind dat taakoriëntering positief korreleer met groter genot in deelname aan sokker.

Angs

White (1998a) het gevind dat atlete wat laag in taakoriëntasie en hoog in ego oriëntasie gemeet het, hoë vlakke van angs tydens sport ervaar het. Ommundsen en Pedersen (1999) het 'n studie op 136 atlete tussen 13 en 18 jaar oud gedoen. Hulle het ondersoek ingestel na die verband tussen doeloriëntering en kompetisieangs in sport en gevind dat hoë taakoriëntering tot die verlaging van kompetisieangs gelei het. Meer navorsing op hierdie belangrike dimensie is uiters noodsaaklik aangesien hoë angstigheids in elite sport veral by jong kinders teenwoordig is (Steyn, 2001).

Langtermyn sportdeelname

Die tendens dat onaktiewe kinderjare mag lei tot 'n onaktiewe volwasse leefwyse, beklemtoon die belangrikheid om kinders se behoefte aan sport en fisieke oefening deur kreatiewe werksywyses te bevorder (Vlachopoulos *et al.*, 1997). Onderwysers en ouers moet 'n taakklimaat kultiveer, sodat meer genot ervaar word en kinders sport as lewenslange aktiwiteit aanvaar (Vlachopoulos & Biddle, 1996). Sluis, Liukkonen, Jaakkola, Kokkonen, Saarelainen, Piirainen en Pakkala (1999) sê dat positiewe vroeë ervarings in liggaamlike opvoeding baie belangrik is vir kinders om 'n aktiewe leefwyse aan te neem. Egogeorieënteerde individue het 'n groter risiko om uit te val uit sport as hulle nie hul doelwitte bereik nie, omdat wen die enigste doelwit is (Stephens, 1998). White (1998b) sê ook dat taakgeorieënteerde individue 'n groter kans het as egogeorieënteerde deelnemers om 'n gesonde, aktiewe lewenswyse as volwassenes aan te neem.

Risikogeneigdheid

Steyn, Goslin en Lourens (1995) het gevind dat daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen hoë vlakke van taakorieëntering en 'n hoë geneigdheid om risiko's te neem, asook tussen hoë vlakke van ego orieëntering en 'n lae geneigdheid om risiko's te neem. Erasmus (1999) het ook 'n betekenisvolle korrelasie tussen hoë taakorieëntasie en 'n hoë geneigdheid om risiko's te neem, gevind.

Etiese gedrag

In 'n studie wat deur Dunn en Dunn (1999) gedoen is op die doelorieëntering van elite yshokkiespelers, is gevind dat hoë egogeorieënteerde atlete tot meer aggressiewe gedrag geneig was as persone laag in ego orieëntering. Spelers hoog in taakorieëntering het meer sportmanskap geopenbaar. Ego orieëntering sal lei tot ontoelaatbare spel, omdat die wenfaktor en die doel van sport (byvoorbeeld sosiale status en finansiële belonings) so belangrik is.

Duda in Dunn en Dunn (1999) stel dit soos volg:

“when winning is everything, it is worth doing anything to win” (p. 194).

Steyn *et al.* (1997) het ‘n studie gedoen en gevind dat daar ‘n positiewe verband tussen ego oriëntasie en etiese probleme naamlik die oortree of buig van die reëls in sport is. In kontras daarmee het taakoriëntering ‘n negatiewe verband getoon.

INTRAPERSONLIKE VERHOUDING (SELFKONSEP)

Intrapersoonlike verhouding is ‘n oorkoepelende term wat die aspekte self, selfbeeld, selfwaarde en selfpersepsie insluit. Vir die doel van hierdie studie word die terme intrapersoonlike verhouding en selfkonsep as sinoniem gebruik.

Self

Die soeke daarna om die innerlike funksionering van die mens te begryp kan so vër terug gevoer word as die sewentiende eeu toe die Franse filosoof, Rene Descartes die sin, “ek dink daarom is ek”, gebruik het (Burns, 1979). Die sielkunde het later as aparte dissipline uit filosofie ontwikkel, en die self het daarmee saam beweeg.

Definisie van self

Jerslid (1952) definieer die self soos volg:

“A person’s self is the sum total of all he can call his. The self includes, among other things, a system of ideas, attitudes, values, and commitments. The self is a person’s total subjective environment: it is the distinctive centre of experience and significance” (p. 9).

Bewustheid van die self ontstaan primêr deur sosiale interaksie (Hones & Edwards 1990). Die self ontwikkel namate mense hul liggame, vaardighede, houdings en prestasies met die van ander vergelyk. Jordaan en Jordaan (1989) omskryf die self as 'n persoon se vertolking van sy ervarings met betrekking tot sy fisiese, sielkundige en sosiale eienskappe.

Uit die ontwikkeling van die self het die term selfkonsep as sielkundige konstruk ontstaan.

Definisie van selfkonsep

Vrey (1974) definieer selfkonsep soos volg:

“Die selfkonsep verwys na die konfigurasie van oortuigings omtrent myself en houdinge teenoor myself wat dinamies is en waarvan ek gewoonlik bewus is of bewus kan word” (p. 95).

Selfkonsep is 'n persoon se selfpersepsies wat deur ervarings en interpretasies van sy omgewing gevorm word en is nie 'n entiteit van 'n persoon nie, maar eerder 'n hipotetiese konstruk wat as potensiaal gebruik kan word om te verklaar en voorspel hoe 'n persoon sal optree (Burns, 1979).

Lawrence (2000) definieer selfkonsep as die bewustheid sowel as die belewinge van die fisieke en psigiese eienskappe waaruit die mens bestaan. Lawrence sê verder dat selfkonsep 'n sambreelterm is wat die konstrakte van selfbeeld, selfesteem en die ideale self insluit. Selfkonsep word gevorm deur ervaring, maar meer belangrik, dit bepaal ook gedrag en is 'n motiveerder (Lawrence, 2000). Elke mens tree op in ooreenstemming met hoe hy homself sien en ervaar.

Versfeld (1990) sê dat die sleutel vir ware geluk en 'n positiewe sosiale klimaat in liefde vir die self lê. Hy stel dit dat selfliefde en selfkennis 'n plig moet wees en som

dit soos volg op:

“He who loves himself shall find himself” (p. 57).

Hierdie liefde vir die self lei tot ‘n trots wat die individu sy of haar uniekheid laat besef. Vrey (1974) sê dat selfkonsep situasie gebonde is. Dit dui daarop dat elke individu ‘n verskeidenheid selfkonsepte kan besit, byvoorbeeld ‘n akademiese-, fisiese- en sosiale selfkonsep. Die rede vir die bestaan van verskillende selfkonsepte is dat dit in verskillende situasies aangeleer word. Dit is daarom moontlik dat ‘n persoon dalk ‘n positiewe akademiese selfkonsep kan hê, maar sy sosiale vaardighede as gebrekkig ervaar en daarom ‘n negatiewe sosiale selfkonsep ontwikkel. Hierdie siening word ondersteun deur Bogan (in Walters en Martin, 2000) wat sê dat kinders hulself nie as gelyk in vaardighede in alle domeine ervaar nie. Dit is bewys dat kinders so jonk as agt jaar in staat is om onderskeid te tref tussen ten minste vyf domeine: naamlik selfkonsep in die skool, sosiale interaksie met maats, vaardighede in sport, fisiese voorkoms, en algemene optrede. Die fisiese selfkonsep is die belangrikste volgens Hayes, Crocker en Kowalski (1999). Die mate waartoe die individu fisies goed voel oor homself, sal bydra oor hoe die individu voel oor homself in die algemeen. Hayes *et al.*, (1999) stel dit soos volg:

“Physical self-worth is proposed to mediate the relationship between physical self-perceptions and general feelings of self-esteem” (p. 2).

Lawrence (2000) sê dat die selfkonsep die persoon toelaat om homself te sien as suksesvol en dit is die eerste stap tot vordering. Mense sal nie permanente vordering toon indien hul selfkonsep nie verander word tegelyk met die aanleer van nuwe vaardighede nie. Die beeld van die self is hoe ‘n persoon dink hy is en dit is nie noodwendig hoe hy werklik is nie (Jordaan & Jordaan, 1989).

Ontwikkeling van die selfkonsep

Selfkonsep word beïnvloed deur 'n persoon se persepsie wat ander van hom dink en ontstaan as gevolg van die individu se besorgdheid oor hoe ander teenoor hom reageer (Harper, 1978). Selfkonsep is dus nie aangebore nie, maar ontwikkel met ervaring van sosiale interaksie. 'n Kind se selfkonsep word reeds vroeg in sy kinderjare deur die gedrag van belangrike persone in sy omgewing gevorm. Die gesin is veral belangrik in die vorming van selfkonsep, aangesien dit hom voorsien van die basiese fisiese, emosionele en sosiale omgewing. Ouers is veral belangrik, want hulle dra tot die basiese ervaring van vertroue, liefde en aanvaarding by (Howes, 1987).

Burns (1979) meen daar is veral drie gesinsomstandighede wat tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep bydra. Dit is die warm aanvaarding van kinders deur hul ouers, die vasstel en toepas van duidelik omskrewe perke vir gedrag, asook respek deur ouers vir individuele inisiatief geneem deur die kinders binne hierdie perke. Rosenberg (1989) noem dit dat mense hulself deur ander se oë sien en hul selfkonsep daarop beoordeel. Kinders vergelyk hulself ook met ander kinders en vorm so 'n konsep van hulself en vermoëns. Van den Auweele (1999) meen dat selfkonsep primêr gevorm word deur terugvoer (beloning teenoor afkeur) wat persone van onderwysers en klasmaats ontvang.

Dit word aanvaar dat selfkonsep beïnvloed word deur persepsies van bevoegdheid in prestasiesituasies waaraan die individu waarde heg (Ebbeck & Weiss, 1998). Hulle het gevind dat die mate waarin atlete glo dat hulle vaardig is, ooreengestem het met hul evaluasie van selfkonsep. Indien die kind dus glo dat sy sportvermoë goed is sal dit sy selfkonsep bevorder. Brandl-Bredenbeck en Brettschneider (1997) sê:

“self-concept originates from self-gathered information that changes on the basis of individual experiences and represents the complete knowledge of a person about himself” (p. 358).

Selfkonsep is 'n nuwe teorie of interne model wat gedrag beheer en word as gevolg van ervaring bevestig of verander. Selfkonsep is hoe 'n persoon homself beskryf (Brandl-Bredenbeck & Brettschneider, 1997).

Ouderdom en geslag het ook teoretiese rolle in selfkonsep te speel. Tradisioneel het selfkonsep navorsers hulle op die adolessente periode van kinders se ontwikkeling toegespits. Die teorie is dat kinders se selfkonsep aanvanklik hoog is, maar soos wat hulle deur die lewe gaan, leer hulle hul relatiewe sterk- en swakpunte en verlaag hul selfkonsep (Marsh, 1998). Navorsing het gevind dat die invloed van geslagsverskille in selfkonsep nie so dramaties is as wat aanvanklik verwag is nie, maar dat dit wel die moeite werd is om dit in ag te neem (Marsh, 1998). Brandl-Bredenbeck en Brettschneider (1997) het ondersoek ingestel na die verskille in selfkonsep tussen seuns en dogters en gevind dat daar meer ooreenkomstes as verskille is tussen die groepe wanneer ouderdom en geslag ondersoek word.

Selfkonsep word ontwikkel deur persepsie van evaluasie van belangrike ander persone. Hierdie evaluasie word elke keer as daar interaksie met die kind is verskaf (Wayda, 1999). Selfkonsep word verbeter wanneer kinders die geleentheid gegun word om hul vermoëns te ondersoek en nuwe vaardighede aan te leer (Wayda, 1999).

Persone met 'n positiewe selfkonsep kan hulself meer spontaan uitdruk sonder vrees (Lawrence, 2000) en daarom volg hulle 'n prosesingesteldheid in sport waar vordering as die belangrikste gesien word.

Die meting van die intrapersoonlike verhouding (selfkonsep)

Selfrapportering blyk die enigste manier te wees wat gebruik kan word om selfkonsep akkuraat te meet.

Die invloed van sportdeelname op die intrapersoonlike verhouding (selfkonsep) van die kind

Intensiewe en gereelde oefening het baie goed gedokumenteerde fisieke en sielkundige voordele en dit word daarom algemeen aanvaar dat aërobiese oefening met hoë selfkonsep verband hou (Walters & Martin, 2000). 'n Positiewe verband tussen aërobiese oefening en selfkonsep by volwassenes is reeds goed gedokumenteer. Walters en Martin (2000) het 'n studie onderneem om die effek van 'n 13 week sportintervensieprogram op die verbetering van selfkonsep by kinders tussen graad 3 en graad 5 te ondersoek en het gevind dat oefening nie die deelnemers se selfkonsep noemenswaardig verbeter het nie. Hulle stel egter voor dat langtermyn studies gedoen moet word. Cox (1994) sê dat suksesvolle sportervaringe selfvertroue verbeter.

'n Positiewe selfkonsep word algemeen erken as 'n belangrike uitkoms in sport en 'n verskeidenheid van ander areas (Marsh, 1998). Marsh (1998) het in 'n studie gevind dat topvlak atlete hoër selfkonsep as nie-atlete gehad het. Dit word aanvaar dat deelname in sport lei tot veranderinge in atlete se karakterontwikkeling en hul vermoë om met ander mense oor die weg te kom (White, 1998b). Deelname aan sport leer atlete die volgende na aanleiding van Kurz en Brinkhoff (in Brandl-Bredenbeck & Brettschneider, 1997):

- *“Self-assurance through performance*
- *More confidence in how to deal with one's own body*
- *Building social and emotional relationships with peers*
- *To take over responsibility in society*
- *The development of one's own value system”* (p. 358).

Brandl-Bredenbeck en Brettschneider (1997) het gevind dat daar 'n positiewe verband tussen sportdeelname en selfkonsep is. Wanneer persone uitdagende en interessante sportaktiwiteite doen, kry die individu 'n gevoel van bereiking en selfvertroue (Cordova, Miller, Leadbetter, Trombetta, Parks & O'Hara, 1998). In hierdie studie is

gevind dat deelname aan sport die deelnemers se selfkonsep verhoog.

Sport kan egter ook selfkonsep nadelig beïnvloed. Digelidis en Papaioannou (1999) het gevind dat kinders tussen 11 en 13 jaar oud met relatief min sportpotensiaal se persepsies van hul atletiese self afneem, as hulle nie plek kry in kompeterende sportspanne nie. Verskeie navorsers het die negatiewe impak van kompetisiesport genoem: naamlik waardes, moreel, en aggressiewe gedrag (Duda, 1989).

Williams (1994) het gevind dat persoonlike sukses en selfkonsep van ondersteunende verhoudinge met spanlede en ouers afkomstig is. Volgens Lawrence (2000) bereik mense wat selfversekerd voel meer as mense wat minder selfversekerd is. Mense tree op in ooreenstemming met die persepsie wat hulle van hulself het. Lawrence (2000) sê dat die selfkonsep die persoon toelaat om homself te sien as suksesvol en dit is die eerste stap tot vordering. Mense sal nie permanente vordering toon, indien hul selfkonsep nie verander word saam met die aanleer van nuwe vaardighede nie.

INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE EN DIE INVLOED VAN OUERS EN AFRIGTERS OP DIE DOELORIËNTERING EN INTRAPERSOONLIKE VERHOUDING (SELFKONSEP) VAN DIE SPORTDEELNEMER

Inleiding

Die interaksie tussen sportdeelnemers, ouers en afrigters speel 'n belangrike rol in die sportontwikkeling van die deelnemer (Ryska & Yin, 1999; White, Kavussanu & Guest, 1998). Algemene vrae wat ouers en afrigters onder andere kan vra is die volgende:

- Hoeveel van die kind se ontwikkeling het te doen met sosiale interaksie en hoeveel is oorerflik?
- Sal die insette wat gedurende die kinderjare vasgelê word later in die kind se lewe verander?

- Wat moet die ouers en afrigters doen om hul kinders te help om optimaal in sport te presteer?

In vandag se Westerse samelewing word die kind as baie belangrik gesien en baie navorsing is reeds gedoen om te bepaal wat die beste manier is om kinders op te voed. Die vraag word gevra of die persoonlikheid en karaktereienskappe van mense oorerflik of aangeleer is?

Hierdie debat bly tot op hede grootliks onopgelos en ondersteuning vir beide teorieë bestaan. Oorerwing neem die karakter terug na die gene en sê alle eienskappe is aangebore. Die ander doktrine is dat sielkundige karaktereienskappe as gevolg van ontwikkeling en interaksie ontstaan. Hierdie skool meen dat alle eienskappe soos talent en temperament uiteindelik 'n produk van opleiding en kondisionering is (Stafford & Bayer, 1993). Nog 'n belangrike kwessie is of 'n individu later sy karaktereienskappe sou kon verander indien hy wou. Ook hier blyk twee denkrigtings teenwoordig te wees. Die eerste denkrigting word deur Stafford en Bayer (1993) beskryf:

“One stance is a strongly deterministic one, leading to a view that parents’ socialization strategies and their consequences for children are molding, cumulative, and relatively immutable” (p. 14).

Die kontrasterende perspektief dui op 'n groter mate van eie keuse en vrye wil. Belsky (1990) stel dit soos volg:

“although the socialization process may be seen as direct consequences of parents’ communication, such developmental achievements are not fixed for life” (p. 886).

Die inleiding van kinders tot sport begin baie vroeg in hul lewens. Baie keer stel ouers hul kinders bekend aan 'n sekere sportsoort deur die speelgoed wat hulle koop en meestal sal ouers hul kinders bekend stel aan sportsoorte wat hulle self beoefen het

of steeds beoefen (Ewing, 1999). Ouers en afrigters het interaksie met die atleet in verskillende rolle en op verskillende tye van hul lewens. Die insette van hierdie persone is belangrik aangesien dit die kind se ingesteldheid kan bepaal.

Verhoudings met ander mense beïnvloed die individu op 'n hele aantal vlakke, maar die individu beïnvloed ook die mense in sy direkte omgewing wat met hom kontak het. Versfeld (1985b) stel dit dat wat die individu aan ander doen, hy ook aan homself doen. Hy sê dat wat mense aan mekaar doen, hulle optrede affekteer. Die verhoudinge wat mense met mekaar het speel 'n groot rol in hoe daardie betrokke persone hul omgewing ervaar. Versfeld (1985a) sê die volgende:

“jy konstrueer die wêreld volgens die beginsels van jou eie konstitusie; of, soos jy is so sal jy dinge ervaar” (p. 13).

Die invloed van ouers en afrigters op die doeloriëntering van die sportdeelnemer

Die vraag is hoe word 'n persoon taak- of egogeorienteerd en of dit verander kan word? Volgens Cox (1994) sal die kind tussen twee en ses jaar oud sy vermoë waardeer relatief teenoor hoe goed hy die taak die vorige keer reggekry het (taakoriëntering). Teen die ouderdom van ses tot sewe jaar word die kind bewus van sy maats en begin sy vermoë waardeer in terme van hoe ander kinders presteer (ego oriëntering). Insette van ouers en afrigters gedurende die volgende paar jaar is krities en bepaal die kind se doeloriëntering. Roberts (1993) meen dat doeloriëntering deur die subjektiewe ervaring, sosiale dwang en die sielkundige klimaat bepaal word. Ebbeck en Becker (1994) meen dat daar twee faktore is wat tot die ontwikkeling van doeloriëntering kan lei en dit is eerstens die invloed van betekenisvolle rolmodelle en tweedens die sportomgewing. White (1996) het gevind dat vlugbalspelers wat hoër in taakoriëntering as ego oriëntering was, gerapporteer het dat hul ouers 'n leer/genot klimaat beklemtoon het en 'n omgewing waar sukses met lae vlakke van inspanning geassosieer word, onderbeklemtoon.

White (1996) stel dit soos volg:

“In a learning/enjoyment climate, the focus is upon mastering the basic skills, understanding that mistakes are part of the learning, and trying hard and having fun. Also, this kind of motivational climate encourages the child to encourage himself, and the child does not fear the ramifications of failing at the task” (p. 126).

White *et al.* (1998) sê dat ouers en afrigters baie versigtig moet wees oor hoe en wat hulle vir atlete tydens vaardigheidsontwikkeling sê. Die belangrikheid van hard probeer in vaardigheidsontwikkeling behoort beklemtoon te word en ‘n atmosfeer van leer moet geskep word. Sluis *et al.* (1999) het ‘n studie gedoen waarin die effek van terugvoer van die Liggaamlike Opvoeding onderwyser in die skeep van ‘n taak- of ego klimaat ondersoek is. Daar is gevind dat terugvoer van die onderwyser een van die belangrikste vormgewende kragte is om die individu se motiveringsklimaat te giet.

Ames (1992) meen dat onderwysers ‘n groot aandeel het in die vorming van kinders se doeloriëntering deur:

- Instruksie bevele wat hulle gebruik.
- Die keuse van die klaskamer aktiwiteite en take moet taakoriëntasie bevorder.
- Hoe kinders groepeer word in die leerproses.
- Die onderwyser se evaluasie sisteem.
- Verspreiding van mag deurdat die kind besef die verantwoordelikheid om te leer is ook syne.
- Die prys en beloning van taakgeoriënteerde optredes.
- Die stel van individuele en samewerkingsdoelwitte eerder as kompeterende doelwitte.
- Bevordering van private prestasie evaluasies gebaseer op intensiteit van poging en persoonlike verbetering.

Ouers en afrigters behoort die belangrikheid van taakoriëntering te versterk in die sportsituasie deur verbale terugvoer te voorsien wat geen normatiewe komponent bevat nie (Dunn & Dunn, 1999). As 'n persoon hoog is in ego oriëntering, is die eerste stap om sy taakoriëntering te verhoog eerder as om te veel te probeer om ego oriëntering te verlaag. Deur die regte terugvoer te gee verbeter die kind se selfkonsep en intrinsieke motivering. Deur nougeset hierdie terugvoer te monitor word informasie verkry wat die onderwyser en afrigter kan gebruik om die motiveringsklimaat te verander.

Escarti, Roberts, Cervello en Guzman (1999) het 'n studie gedoen op 140 deelnemers in georganiseerde sport in Spanje waarin hulle die invloed van persepsies van doeloriëntering van relevante en belangrike ander persone op die vorming van doeloriëntering by die deelnemer, ondersoek het.

Hulle stel hul bevindinge soos volg:

"we found meaningful relationships between the adolescents' goal orientation and their perception of significant others' sport success criteria" (p. 319).

Hierdie resultate bevestig verder dat ouers en afrigters 'n belangrike rol speel as sosialiseringsagente van doeloriëntering. White en Duda (in White, 1996) het gevind dat kinders wat hoër in taakoriëntering meet, ervaar het dat hul ouers 'n klimaat skep waar leer en genot eerste gestel word in die aanleer van 'n vaardigheid. 'n Klimaat waar sukses sonder inspanning beklemtoon is, het negatief met taakoriëntering gekorreleer. Kinders hoër in ego oriëntering het gevoel dat hul ouers 'n klimaat daarstel waar sukses geassosieer is met lae vlakke van intensiteit om die vaardigheid aan te leer. Volgens Ebbeck en Becker (1994) lyk dit of die ouers se doeloriëntering die dominante voorspeller van die spelers se doeloriëntering is. Duda en Hom (1993) sê ook dat kinders wat hoog was in taakoriëntering hul ouer wat hulle as die belangrikste persoon in hul sportdeelname geag het, ook as taakgeoriënteerd ervaar het. Net so het egogeoriënteerde kinders geglo dat hul dominante ouer hoog was in

ego oriëntasie. Hierdie bevindinge word deur verskeie ander navorsers ondersteun wat gevind het dat ouers en afrigters in die vorming van kinders se persepsies van die motiveringsklimaat 'n belangrike rol speel (White, Duda & Hart, 1992; White, 1996; White, 1998a). Potgieter (1997) ondersteun hierdie aanname met sy oorsignavorsing.

Wanneer die belangrikheid van wen ten alle koste onderbeklemtoon word en sukses gesien word in terme van inspanning en vordering, kan sport 'n positiewe ervaring vir elke sportdeelnemer wees (Cox, 1994). Ouers vertolk 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se prestasiemotivering. Cox (1994) stel die volgende riglyne vir ouers:

- Ouers moet onafhanklikheid aanmoedig en kinders se pogings om onafhanklik te word aanmoedig.
- Ouers (veral moeders) moet warm en ondersteunend teenoor hul kinders wees.
- Ouers moet kinders ondersteun en bemoedig indien terugslae, vrees en mislukking voorkom.
- Ouers moet verwag dat hul kinders verantwoordelik, bevoeg en bekwaam is.
- Ouers kan vertrouwe in kinders se gedrag demonstreer deur die drang om oor te neem te weerstaan wanneer hulle moeite ondervind om 'n taak baas te raak.
- Ouers moet toelaat vir baie pogings om 'n taak te bemeester. Verwag klein treetjies.
- Hou boek van die kind se suksesse en versterk dit. Moenie stilstaan by mislukking nie.
- Ouers moet aandag aan die kind se pogings gee, luister na hul probleme en empatie met hul gevoelens hê.

Die afrigter is 'n belangrike sleutel in die ontwikkeling van die kind se sportloopbaan (Ewing, 1999). Dit is die afrigter wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van vaardighede, strategieë en kennis van die sportsoort. Die afrigter maak ook besluite wie vir die span gekies word en wie nie. Spelers wat nie die span haal nie se sportloopbaan word dan meestal beperk tot rekreasiesport. Le Unes en Nation (1989)

meen dat die afrigter een van die hoofrolspelers in sport is en 'n belangrike invloed op doeloriëntering kan hê. White (1996) is van mening dat daar 'n sterk ooreenkoms is tussen die individu se doeloriëntering en persepsies van die motiveringsklimaat wat deur die afrigter geskep word.

Die invloed van ouers en afrigters op die intrapersoonlike verhouding van die sportdeelnemer

Stafford en Bayer (1993) meen die kind se ontwikkeling is geweldig kompleks en kom voor op meer as een vlak byvoorbeeld fisies, kognitief en emosioneel. Baie vraagstukke in opvoeding het nie voor die handliggende antwoorde nie, maar dit is duidelik dat ouers en afrigters 'n belangrike rol in die opvoeding van kinders vervul.

Lawrence (2000) meen dat instrukteurs spesifieke kommunikasievaardighede naamlik aanvaarding, opregtheid en empatie moet aanleer ten einde die selfkonsep van hul studente te verhoog. Aanvaarding is wanneer die ouers en afrigter die kind onvoorwaardelik aanvaar, selfs indien hulle nie met sy siening of selfs gedrag saamstem nie. Dit beteken om in staat te wees om aan die kind te kommunikeer dat hulle hom aanvaar vir wat hy is en sy reg erken om as 'n unieke individu respekteer te word. Om opreg te wees is om nie bang te wees om jouself te wees nie. Dit beteken om 'n onpopulêre opinie te stel of om op te tree soos jy voel maak nie saak wat ander van jou dink nie. Dit is soms moeilik en Nietzsche (in Versfeld, 1968) sê dat ons sukkel om te wees wat ons is. Versfeld (1968) sê dat elke mens uniek is en moet eers gemaklik wees met homself, voordat hy werklik sinvolle verhoudinge met ander mense kan begin. Hy illustreer dit soos volg:

“jy moet leer om by jouself tuis te hoort. Die inwendige leuen moet blootgestel word”
(p. 108).

Empatie word deur baie mense beskou as die kern van berading (Lawrence, 2000). Dit gebeur wanneer die ouer en afrigter hulself in die kind se skoene kan plaas deur te probeer voel soos wat die kind voel. Dit word deur die kind ervaar as ondersteuning en die wete dat hy verstaan word.

Die modelleer effek is belangrik en die sleutel lê in die kwaliteit van die verhouding tussen die instrukteur en die student. Die “persoon” self is die boodskap en is dus net so belangrik as dit wat hy die student leer (Lawrence, 2000). Mense sal ander nastreef wat hulle van hou en met wie hulle ‘n goeie verhouding het. Mense kan mekaar beïnvloed slegs wanneer hulle mekaar vertrou. Dit plaas ‘n verantwoordelikheid op die sportdeelnemer se ouers en afrigter om self ‘n positiewe selfkonsep te ontwikkel. Hierdie mense kan deur entoesiasme, selfversekerdheid en vreugdevolle mense te wees ‘n positiewe impak op die atleet inoefen. Die ouers, afrigter en onderwyser is self die boodskap in enige opvoedingskonteks.

Weiss (in Wayda, 1999) meen dat dit belangrik is om die moeilikheidsgraad van die taak by die vermoë van die kind aan te pas. Die kind moet uitgedaag word om klein maar betekenisvolle vordering te maak. Dit sal verseker dat hul selfkonsep verbeter en hulle ‘n positiewe houding teenoor sport en oefening ontwikkel. Dit is egter nie maklik om selfkonsep te verander nie en Wayda (1999) het ‘n studie gedoen waarin daar vir tien weke, drie ure per week, ‘n program aangebied is om kinders se selfkonsep te verbeter. Die program was nie suksesvol nie en hulle het gevind dat selfkonsep ‘n persepsie is wat die kind deur die jare opbou en daarom sal dit nie maklik op die korttermyn verander nie.

Atlete moet prosesdoelwitte eerder as uitkomsdoelwitte stel om hul selfkonsep te verhoog. Dit word gedoen omdat die uitkoms van sport (om te wen) buite beheer van die atleet is, terwyl prosesdoelwitte (persoonlike verbetering) onder die atleet se beheer is (Wayda, 1999).

Volgens Steyn (2001) is die dilemma dat daar net een wenner in 'n kompetisie kan wees en daarom is dit nodig dat sukses 'n herdefiniëring nodig het. Sukses behoort verklaar te word in terme van die proses en nie net die uitkoms nie (Steyn, 2001). Steyn sê verder dat indien die deelnemer sy motiveringsvlakke en selfbeeld in sport wil behou, daar gekyk moet word na ander, kreatiewe maniere om sukses te ervaar, te vermeerder en te optimaliseer. Steyn (2001) noem hierdie hergedefinieerde ervarings van wen, wen 'A' en wen 'X'. Wen 'A' behels die bereiking van essensiële lewensvaardighede met of sonder wen 'X'. Hierdie vaardighede is onder andere selfverbetering, ervaring van genot, ontwikkeling van selfvertroue, determinasie en selfkennis. Wen 'X' is die byprodukte van wen, soms bereik en soms nie, by name trofeë, pryse, erkenning en goedkeuring van ander. Sportdeelnemers, ouers en afrigters moet primêr op wen 'A' fokus en die faktore van wen 'X' slegs as aanvulling en bonus tot die totale motiveringspakket van die sportdeelnemer sien.

HOOFSTUK DRIE

METODES EN PROSEDURE

In hierdie hoofstuk word die navorsingsuitleg volledig bespreek.

NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingstrategie kan kwantitatief of kwalitatief van aard wees. In die keuse van die tipe navorsing wat gebruik gaan word, moet die navorser oorweeg of die metode genoegsame inligting sal verskaf, sal pas by die navorsingsvraag, dit koste effektief sal wees en of dit uitvoerbaar is (Marshall & Rossman, 1995). Kwantitatiewe navorsing word deur Ferreira, Mouton, Puth, Schurink en Schurink (1988) soos volg gedefinieer:

“die produksie van algemeengeldige wette van menslike gedrag wat gebaseer is op objektiewe, gekontroleerde waarneming en meting” (p. 7).

Hierdie tipe navorsing gebruik gestandaardiseerde meetinstrumente soos byvoorbeeld ‘n vraelys, om die ervaringe van mense binne vooraf bepaalde kategorieë te meet. Kwalitatiewe navorsing is volgens Ferreira *et al.* (1988):

“die generasie van kontekstueelgeldige beskrywings en interpretasies van menslike handeling wat gebaseer is op in diepte en binnestaander rekonstruksies van mense se leefwêreld” (p. 7).

Hierdie tipe navorsing laat die navorser toe om geselekteerde vraagstukke in diepte te ondersoek. Kwalitatiewe data is ryk en laat mense toe om verstaan te word op hul eie terme en in hul natuurlike omgewing (Patton in Scalan, Ravizza & Stein, 1989). Die belangrikste verskille tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing volgens Ferreira *et al.* (1988) word in die volgende tabel opgesom:

Tabel 2: Die verskil tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing

Kwantitatiewe navorsing	Kwalitatiewe navorsing
Genereer universele wette van menslike gedrag.	Fokus op beskrywing van menslike gedrag.
Die ideaal is objektiewe waarneming en meting.	Poog om elke mens se perspektief te begryp.
Beklemtoon waarneembare gedrag.	Begryp betekenis en simboliek van menslike handeling.

Volgens Burgess (in Ferreira *et al.*, 1988) word die volgende kenmerke onder andere in kwalitatiewe studies aangetref:

- Die fokus is op die waarneembare, maar die bevindinge word veralgemeen binne in 'n sosiale, kulturele en historiese raamwerk.
- Die navorsing word gedoen binne 'n teoretiese raamwerk. Daar is soms slegs 'n klein aantal vrae wat die studie lei, maar meer vrae kan ontstaan gedurende die navorsing.
- Die hoof navorsingsinstrument is die navorser wat poog om die deelnemer se weergawe van die sosiale opset te verkry.
- Die navorser probeer die sosiale opset van die subjek so min as moontlik versteur.

Albei hierdie metodes is reeds met groot sukses in navorsing gebruik, ongeag van die feit dat daar goeie en slegte punte by elke metode teenwoordig is (Flick, 1998). Dit het aanleiding gegee tot 'n hewige debat oor watter tipe navorsing die beste is. Daar kan geredeneer word dat slegs kwantitatiewe data lei tot resultate in die ware sin van die woord en dat kwalitatiewe data 'n meer illustratiewe rol speel (Flick, 1998). Kleining (in Flick, 1998) sê weer dat kwalitatiewe navorsing baie goed alleen kan staan, maar dat kwantitatiewe navorsing altyd kwalitatiewe navorsing nodig het om die relasies wat hulle gevind het, te vertolk. Dit is egter beter om kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing as komplimenterend eerder as kompetend te sien. Die gebruik van beide strategieë in kombinasie komplimenter mekaar, deurdat die een die swakpunte en blinde kolle van die ander kan oorkom (Flick, 1998).

METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie studie bestaan uit beide kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing. Die kwalitatiewe navorsing volg op die kwantitatiewe navorsing om die bevindinge wat deur die vraelys uitgewys is, dieper te ondersoek en te ontleed.

KWANTITATIEWE NAVORSING

In hierdie deel van die studie word van die opnamemetode gebruik gemaak en die deelnemers moet elk 'n vraelys invul.

Vraelys

Navorsers moet seker wees dat die navorsingsontwerp die gevolgtrekkings kan staaf waarop aanspraak gemaak word (De Vaus, 2001). Dit is belangrik dat die navorsingsresultate veralgemeen kan word buite die betrokke studie. Vir hierdie rede het hierdie studie gebruik gemaak van 'n kombinasie van twee gestandaardiseerde vraelyste waarvan die geldigheid en betroubaarheid reeds bepaal is. Die vraelys bestaan uit die volgende:

Biografiese faktore

Inligting word aangaande die ouderdom, vlak van deelname en die tipe sportsoort gegee.

Doeloriëntering (TEOSQ) van die sportdeelnemer

Die TEOSQ (Task and Ego Orientation Sport Questionnaire) is 'n reeds gestandaardiseerde vraelys wat deur Duda en Nicholls ontwerp is (Duda, 1989). Hierdie vraelys meet die mate waarin die sportdeelnemer taak- en /of egogeorienteerd is. Die subskale, taak- en ego oriëntasie, het in verskeie navorsingstudies hoë interne

konstantheid getoon (Erasmus, 1999; Steenkamp, 1997). White en Duda (1994) het 'n studie gedoen om die geldigheid en betroubaarheid van die TEOSQ in die sportsituasie te toets en verdere ondersteuning daarvoor gevind.

Die vraelys bestaan uit 13 items. Response word op 'n vyfpunt likert-skaal gedoen. 'n Antwoord van "stem beslis saam" op vrae 2, 5, 7, 8, 10, 12, 13 dui op taakoriëntering, terwyl 'n antwoord van "stem beslis saam" op vrae 1, 3, 4, 6, 9, 11 op ego oriëntering dui.

Doeloriëntering (TEOSQ) van die sportdeelnemer se ouers en afrigter

Die TEOSQ (Task and Ego Orientation Sport Questionnaire) van Duda en Nicholls (Duda, 1989) soos wat gebruik is om die doeloriëntering van die sportdeelnemer te bepaal, is weer gebruik. Die vraag is verander deur onderskeidelik te vra "my pa, ma, afrigter vind my die meeste suksesvol in sport wanneer...". Hierdeur is bepaal die doeloriëntering van onderskeidelik die pa, ma en afrigter vanuit die persepsie van die sportdeelnemer.

Intra- en interpersoonlike verhoudingskaal (IIPS)

Hierdie vraelys is in die Suid-Afrikaanse konteks deur Minnaar ontwikkel en gestandaardiseer (Minnaar, 1997) en is by die RGN aangekoop. Item ontleding is op 4473 subjekte gedoen wat 'n veelrassige populasie verteenwoordig. Die vraelys bestaan uit 30 gegewe eienskappe wat in die vorm van teenoorgestelde woordpare ontwerp is. Items word op 'n vyfpunt likert-skaal beantwoord. Die vraelys bepaal die sportdeelnemer se verhouding met homself (intrapersoonlik), asook sy pa en ma (interpersoonlik). Die verhouding met die afrigter kom nie voor in die oorspronklike vraelys nie en is vir die doel van hierdie studie bygevoeg.

Beide vraelyste was reeds beskikbaar in beide Afrikaans en Engels en daarom kon elke sportdeelnemer dit in die taal van sy of haar keuse voltooi.

Statistiese interpretasie

Die data is ontleed deur die Departement vir Navorsingsondersteuning (STATOMET) by die Statistiek Departement aan die Universiteit van Pretoria. Spearman se korrelasies (r-tellings) is gebruik om die relevante statistiek te verskaf en relasies te bepaal. Die data is ingelees in 'n rekenaar waarna die roudata weer nagegaan is om enige foute uit te skakel.

Steekproef

Die vraelys is deur 112 toetslinge ingevul (ouderdom 17-25 jaar). Die steekproef word in drie groepe verdeel naamlik elite (nasionaal), provinsiaal en ontwikkelende (klubvlak) Suid-Afrikaanse kompeterende sportdeelnemers. Die Suid-Afrikaanse nasionale senior en onder-21 netbalspelers is as deel van die elite groep gebruik. Die res van die steekproef bestaan uit studente aan die Universiteit van Pretoria. Geen onderskeid is getref tussen manlike- en vroulike deelnemers nie.

Loodsstudie

Die loodsstudie is gedoen deur 80 derdejaar studente in die Departement Biokinetika, Sport- en Vryetydswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria. Na aanleiding van hul terugvoer is spelfoute gekorrigeer en die volgorde van die vrae is verander. Die instruksies is ook verbeter. STATOMET het die voorlopige vraelyste ontleed en gevind dat die formaat korrek was en dat daar voortgegaan kon word met die studie.

Hipoteses

Hipoteses vir die kwantitatiewe navorsing word vervolgens gestel:

1. Die doeloriëntering (taak- of ego oriëntering) van die ouers en afrigter korreleer met die doeloriëntering (taak- of ego oriëntering) van die sportdeelnemer.

2. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met ouers en afrigter) en die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding (selfkonsep).

3. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die sportdeelnemer se positiewe intrapersoonlike verhouding (selfkonsep) en taakoriëntering en 'n negatiewe verband met egooriëntasie.

4. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen konstruktiewe interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met ouers en afrigter) en taakoriëntering, asook tussen destruktiewe interpersoonlike verhoudinge en die ontwikkeling van egooriëntering.

KWALITATIEWE NAVORSING

Inleiding

In die volgende deel van die studie is bepaalde aspekte in diepte bestudeer deur primêr van kwalitatiewe navorsing gebruik te maak wat dan gekomplimenteer is deur kwantitatiewe waardering om die resultate te valideer. Die navorsing is gedoen deur onderhoude te voer met sewe kompeterende sportdeelnemers om te verstaan waar en hoe doeloriëntering ontwikkel word in die interaksieproses tussen die deelnemer en sy ouers en afrigter. Daar is gepoog om die algehele interaksie en dinamiek van intra- en interpersoonlike verhoudinge en doeloriëntering beter te verstaan.

Die onderhoud

Metode en onderhoudsriglyn

Die navorsingsmetode is in diepte onderhoude met oop-einde vrae wat met sewe geselekteerde topvlak sportdeelnemers gevoer is. Die vraelys is ook op hierdie sewe

subjekte gebruik om maksimum inligting van elke subjek te verkry en om korrelasies tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe data te kon doen. Kahn en Cannell (in Marshall en Rossman, 1995) beskryf die onderhoud as 'n gesprek met 'n doel. Die kwalitatiewe indiepte onderhoud moet dus 'n gesprek wees waar die navorser soveel moontlike informasie versamel, eerder as 'n formele geleentheid met vooropgestelde respons kategorieë. Die fundamenteel belangrike aanname tot kwalitatiewe navorsing is dat die deelnemer se perspektief tot die fenomeen moet ontwikkel soos die deelnemer dit sien en nie soos die navorser dit sien nie (Marshall & Rossman, 1995). Kwalitatiewe navorsing laat navorsers toe om as't ware rond te loop in die leefwêreld (kop) van die persoon wat die ervaringe gehad het, eerder as om hul response te beperk deur items in 'n vraelys wat deur minder ervare mense geskep is (Scanlan *et al.*, 1989).

Die metodologie van hierdie studie is ontwikkel deur 'n kombinasie van informasie oor kwalitatiewe navorsing uit verskillende bronne (De Vaus, 2001; Krippendorff, 1980; Marshall & Rossman, 1995). Die metode wat gebruik is in hierdie studie stem ooreen met die prosedure van Scanlan *et al.*, (1989), asook Scanlan, Stein en Ravizza (1989).

Die onderhoude is volgens 'n half-gestruktureerde onderhoudsriglyn gevoer. Dit is half-gestruktureerd aangesien die vooropgestelde vrae as riglyn dien, maar nie die onderhoud rigied struktureer nie. Indien 'n belangrike onderwerp aangeraak word kan die onderhoud in daardie rigting gestuur word. Daar is besluit op hierdie metode eerder as 'n reeks vooropgestelde vrae na aanleiding van 'n stelling van Marshall en Rossman (1995):

“Tightly structured, highly organised data gathering and analyzing schemes, however, often filter out the unusual, the serendipitous - the puzzle that if attended to and pursued, would provide a recasting of the entire research endeavor. Thus a balance must be struck between efficiency considerations and design flexibility” (p. 111).

Die onderhoudsriglyn is ontwikkel na aanleiding van die resultate soos gevind in die

eerste deel van die studie, asook 'n volledige literatuurstudie van verwante onderwerpe. Bylaag B bevat die half-gestruktureerde onderhoudsriglyn wat die struktuur van die onderhoud aandui. Die vrae begin in 'n meer oop-einde styl en word toenemend met die vordering van die onderhoud meer geslote en selektief, totdat dit eindig in die beantwoording van die vraelys.

Prosedure van die onderhoud

Tydens elke onderhoud is dieselfde proses gevolg. Die bandopnemer is aangeskakel en weer afgeskakel indien die deelnemer aangedui het dat hy of sy niks meer wou byvoeg nie. Elke onderhoud het ongeveer een uur geduur waarna elke subjek 'n vraelys moes invul en die toestemmingsbrief onderteken. 'n Gestandaardiseerde formaat is vir die uitvoer van elke onderhoud gebruik en daar is deurgaans gepoog om die prosedure so konstant moontlik te hou in terme van kompleksiteit en diepte van die vrae.

Die onderhoud begin met die beskrywing van die doel en metodes van die studie. Die subjek word meegedeel dat die onderhoud op band opgeneem word en dat hy of sy totaal anoniem sal bly en dat die konfidensiële inligting 'n bydrae tot navorsing lewer. Daarna word in die algemeen gesels om die subjek ontspanne te laat voel met die situasie en die bandopnemer. Deelnemers is deurgaans aangemoedig om beskrywend te wees. Hulle kon praat van hul eie ondervindinge en wat hulle by andere gesien het.

Die aard van die gesprekke is sensitief en daarom is die volgorde van die vrae baie belangrik. Die navorser moet vertrou word ten einde volle eerlike antwoorde te verkry. Dit is bewerkstellig deur 'n algemene inleidende bespreking. Daarna is gefokus in die onderhoud op doeloriëntering, gevolg deur intra- en interpersoonlike klimaat. Hierdie volgorde laat die subjek toe om te ontspan en die navorser te leer ken en vertrou voordat die onderhoud vorder tot by die meer persoonlike vrae oor die verhoudinge met ouers, afrigter en met die deelnemer self. In al die gevalle was die deelnemers gemaklik om oor hul gevoelens en verhoudinge te gesels.

Die vrae wat aan die deelnemers gevra is, is van 'n moeilike aard en dit kan soms gebeur dat die subjek eers daarvoor moet dink, omdat hy of sy self nie die antwoord weet nie. Om die deelnemers voor te berei, is hulle telefonies ingelig min of meer waaroor die onderhoud gaan, sodat hulle kans kon kry om daarvoor te begin dink. Dit was soms gedurende die onderhoud nodig om die subjek dieper uit te vra, of om iets op te klaar ten einde seker te maak dat die navorser en subjek mekaar reg verstaan.

Aan die einde van die onderhoud is daar aan elke subjek gevra of iets hom dalk bygeval het wat hy wil byvoeg. Daarna is aan die subjek gevra watter raad hy vir ouers en afrigters het, in terme van dit wat bespreek is. Elke onderhoud is afsonderlik bestudeer en verwerk. Elke subjek het die keuse gehad om die onderhoud in sy of haar moedertaal te voer. Slegs een persoon was Engels en hierdie onderhoud is vertaal in Afrikaans.

Data opname en transkribering

Dit is belangrik dat die data effektief opgeneem moet word en maklik herwin kan word om die korrekte analise daarvan te fasiliteer (Marshall & Rossman, 1995). Direkte stellings deur die subjekte is as bron van roudata gebruik en die onderhoude is op band opgeneem en deur transkribering na geskrewe teks oorgedra. Die bandopnemer het van elektriese krag gebruik gemaak, maar kon ook op batterye werk, indien nodig. Voor die onderhoud is die bandopnemer aangeskakel en 'n toets gedoen om vas te stel of dit goed werk, indien nodig is die volume verstel. Elke subjek se onderhoud is op 'n verskillende bandjie opgeneem. Bandjies, vraelyste, toestemmingsbriewe en elke onderhoudsriglyn is vooraf genommer en na voltooiing veilig bewaar.

Die onderhoudsriglyn is ook gebruik om notas te maak tydens die onderhoud wat later gebruik is om terug te keer na belangrike aspekte en ook om ontleding na die tyd te vergemaklik. Die data is na geskrewe teks deur 'n sekretaresse oorgedra wat vooraf oor die aard van die studie ingelig is.

Ontleding van data

Analise van informasie

Data analisering is die proses om orde, struktuur en betekenis na die massa gekollekteerde data te bring (Marshall & Rossman, 1995). Hier moet die navorser kreatief wees om kategorieë, temas en patrone te identifiseer.

Die analise van data maak van beide die deduktiewe- en induktiewe metodes van data ontleding gebruik. Daar word aktief gesoek na sekere konstrakte, maar die roudata word ook gebruik om algemene kategorieë in verband met doeloriëntering te genereer. Dit is gedoen om toe te laat dat betekenis spontaan ontwikkel uit die data. Op hierdie wyse is bepaalde dimensies geïdentifiseer wat dan eksemplaries met grepe uit die onderhoude geïllustreer word. Resultate word bespreek en dan met verwante literatuur geïntegreer.

Deur die data verskeie kere te lees en te herlees, bewerkstellig 'n besondere vertrouwdheid met die onderhouddata by die navorser. Gebeurtenisse en opmerkings word deurdink en geanaliseer en notas word gemaak om betekenis daaraan te gee. Deur die magdom data te reduceer word die herkenbare dimensies van die persone se ervaring neergeskryf. Hierdie grepe kan van 'n paar woorde tot 'n paragraaf wissel. Die verskillende dimensies word elk met 'n kleur gekodeer en saamgevoeg. Dit wat oorbly word verder geanaliseer om betekenseenhede te identifiseer. Daarna word die saambondelbeginsel van eenhede uitgevoer wat deur Krippendorff (1980) "clustering" genoem word. Hiervolgens word groepe saamgegroepeer in betekenseenhede wat dan verder in verskillende kategorieë gereduseer word. Die frekwensie van die eenhede word ook aangeteken. Die resultate hiervan word in tabel 9 opgesom.

Betroubaarheid van die navorsing

Om die navorsingsresultate se betroubaarheid te verhoog moet 'n betroubare en beproefde proses gevolg word (Krippendorff, 1980). Vir hierdie rede is die kategorisering van dimensies deur 'n derde persoon ontleed in die sogenaamde driehoekige konsensus. Dit is gedoen sodat die resultate wat verkry is getoets kon word. Hierdie derde persoon het die dimensies wat geïdentifiseer is, ondersteun.

Steekproef

Aandag moet gegee word aan hoe groot die steekproef moet wees. As al die eenhede wat ondersoek word presies identies is, is 'n steekproef van een genoeg. Navorsing is egter nie so maklik nie, aangesien elke individu 'n unieke bydra kan lewer. Dit is egter ook nie nodig om die hele populasie te ontleed nie en alhoewel elke deelnemer bydra tot die studie, kom daar 'n punt waar verdere vermeerdering nie noemenswaardige invloede op die veralgemeenbaarheid van die studie sal hê nie (Krippendorff, 1980). Dit is by hierdie punt waar die steekproefgrootte die meeste effektief is. In hierdie deel van die studie is onderhoude met sewe persone gevoer. Die subjekte was vyf mans en twee vroue met 'n gemiddelde ouderdom van 26,7 jaar. Tabel 3 bevat 'n opsomming van die gegewens en veranderlikes van die subjekte.

Tabel 3: Algemene agtergrond van die subjekte

Subjek	Geslag	Ouderdom	Sportsoort	Hoogste vlak van deelname
1	Man	26	Boks	Wêreldkampioen
2	Man	33	Atletiek	Nasionaal
3	Man	29	Driekamp	Professioneel
4	Vrou	24	Figuurskaats	Nasionaal
5	Man	20	Tennis	Provinsiaal
6	Man	23	Stoei	Nasionaal
7	Vrou	32	Onderwater-Hokkie	Nasionaal

Subjekte is geselekteer op die basis van twee kriteria. Eerstens moes hulle hoogste

vlak van deelname aan kompeterende sport ten minste op provinsiale en verkieslik nasionale vlak wees en tweedens moet hulle tans nog deelneem aan kompetisiesport op daardie vlak. Deelnemers aan enige sportsoort, geslag en ouderdom is vir die studie oorweeg. Persone wat aan hierdie kriteria voldoen is telefonies gekontak en gevra of hulle belang stel om deel te neem. Van die subjekte wat genader is het drie gesê dat hulle nie belangstel nie.

Vraelys

Die subjekte moes na afloop van die onderhoud die vraelys soos in die eerste deel van die studie invul. Dit dien as kontrole om die onderhoud te valideer. Daar is besluit om dit na die onderhoud eerder as voor die tyd te laat invul, omdat dit moontlik by die subjekte 'n bepaalde ingesteldheid kon bepaal. Die data van elke subjek is afsonderlik ontleed en vergelyk met die informasie wat uit die onderhoude verkry is.

Loodsstudie

Die eerste onderhoud is as loodsstudie gebruik. Hierdie onderhoud is bygewoon deur die studieleier en na die tyd is die prosedure en inhoud met die navorser bespreek. Daar is geen probleme met die formaat en onderhoudsriglyn ondervind nie en daar is besluit dat die navorser met dieselfde formaat kon voortgaan.

Hipoteses

Aangesien hierdie navorsing van eksploratiewe aard is, is geen vaste hipoteses gestel nie. Die riglyn was egter om te verstaan waar, wanneer en hoe die subjekte se doeloriëntering in die interaksie met ouers en afrigters vasgelê word. Die intrapersoonlike klimaat as spontane uitvloeiing van doeloriëntering is ook ondersoek. Die rykdom van reaksies word gedokumenteer.

HOOFSTUK VIER

RESULTATE EN BESPREKING DEEL EEN

RESULTATE VAN KWANTITATIEWE NAVORSING

Die data is statisties geanaliseer deur STATOMET, die Statistiek Departement van die Universiteit van Pretoria. Spearman se korrelasies (r-tellings) is gebruik om verbande te bepaal. 'n R-telling (korrelasie) van groter of gelyk aan +0.45, asook 'n r-telling van kleiner of gelyk aan -0.45 word as beduidend beskou. Die waarskynlikheid van die verband (p-waarde) was op kleiner of gelyk aan 0.05 gestel.

Hipotese 1: Die doeloriëntering (taak- of ego oriëntering) van die ouers en afrigter korreleer met die doeloriëntering (taak- of ego oriëntering) van die sportdeelnemer.

Tabel 4: Die verband tussen die doeloriëntering van die ouers en afrigter en doeloriëntering van die sportdeelnemer

Veranderlike		Gekombineerde Groepe	Nasionale Groep	Provinsiale Groep	Klub/Skool Groep
Taakgeoriënteerde deelnemer en taakgeoriënteerde Pa	R-telling	0.52010	0.52318	0.60678	0.39010
	P-waarde	0.0001	0.0001	0.0001	0.0107
Taakgeoriënteerde deelnemer en taakgeoriënteerde Ma	R-telling	0.44646	0.53548	0.53148	0.24954
	P-waarde	0.0001	0.0001	0.0001	0.1110
Taakgeoriënteerde deelnemer en taakgeoriënteerde Afrigter	R-telling	0.39562	0.51700	0.31754	0.26480
	P-waarde	0.0001	0.0001	0.0246	0.0862
Egogeriënteerde deelnemer en egogeriënteerde Pa	R-telling	0.41648	0.43303	0.47859	0.34663
	P-waarde	0.0001	0.0019	0.0004	0.0245
Egogeriënteerde deelnemer en egogeriënteerde Ma	R-telling	0.45595	0.43904	0.49811	0.43891
	P-waarde	0.0001	0.0014	0.0002	0.0036
Egogeriënteerde deelnemer en egogeriënteerde Afrigter	R-telling	0.46260	0.51525	0.40719	0.45350
	P-waarde	0.0001	0.0001	0.0033	0.0023

Resultate in tabel 4 dui op 'n sterk positiewe verband tussen die doeloriëntering van die ouers en afrigter en die doeloriëntering van die sportdeelnemer. Hierdie data verifieer hipotese 1. Dit impliseer dat indien die deelnemer sy ouers en afrigter as

taakgeoriënteerd ervaar, hy self taakgeoriënteerd sal wees. Indien hy egter sy ouers en afrigter as egogeoriënteerd ervaar sal hy self ook egogeoriënteerd wees. Bogenoemde resultate word ondersteun deur bevindinge van Duda en Hom (1993), Ebbeck en Becker (1994), Ntoumanis en Biddle (1998), Potgieter (1997), Stafford en Bayer (1993), White (1996). Fry en Fry (1999) het ook gevind dat die motiveringsklimaat wat deur die ouers en afrigter gestel word ooreenstem met, en bydra tot die ontwikkeling van die taak- of ego oriëntasie van die sportdeelnemer.

‘n Verklaring hiervoor is dat die sportdeelnemer die ouers en afrigter as rolmodel sien en dan die gedrag navolg wat hy sien daardie belangrike ander persoon openbaar. Dit wil voorkom asof die sportdeelnemer een van die ouers of afrigter kan kies om na te volg en dat almal nie noodwendig dieselfde oortuiging hoef te hê nie.

Hipotese 2: Daar bestaan ‘n positiewe verband tussen interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met ouers en afrigter) en die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding (selfkonsep).

Tabel 5: Die verband tussen die sportdeelnemer se intra- en interpersoonlike verhoudinge

Veranderlike		Gekombineerde Groepe	Nasionale Groep	Provinsiale Groep	Klub/Skool Groep
Verhouding met Pa en selfkonsep van deelnemer	R-telling	0.49818	0.72427	0.53729	0.39452
	P-waarde	0.0001	0.0001	0.0001	0.0097
Verhouding met Ma en selfkonsep van deelnemer	R-telling	0.39166	0.77106	0.63524	0.10056
	P-waarde	0.0001	0.0002	0.0001	0.5263
Verhouding met Afrigter en selfkonsep van deelnemer	R-telling	0.51639	0.74324	0.46145	0.40098
	P-waarde	0.0001	0.0004	0.0007	0.0103

Resultate in tabel 5 dui op ‘n sterk positiewe verband tussen die interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met ouers en afrigter) en die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding (selfkonsep). Hierdie korrelasie dui daarop dat die ontwikkeling van ‘n positiewe selfkonsep sterk beïnvloed word deur die gereflekteerde waardering van relevante ander persone in die sportomgewing. Die resultate in tabel 5 ondersteun hipotese 2. Die bevindinge is in ooreenstemming met

ander navorsers soos Lawrence (2000) en Williams (1994). Wayda (1999) beweer dat die ontwikkeling van selfkonsep sterk deur persepsies van evaluasie van ouers en onderwysers beïnvloed word.

Dit wil voorkom dat indien die deelnemer die verhouding met die belangrike ander persone (ouers en afrigter) as positief ervaar, hy homself as goed genoeg beskou en daarom 'n beter selfkonsep openbaar. Indien hierdie interpersoonlike verhoudinge egter as negatief ervaar word, dink die deelnemer dat hy nie goed genoeg is nie, en dit kan tot 'n negatiewe selfkonsep aanleiding gee. 'n Positiewe selfbeeld kan ook lei tot die positiewe ervaring van ander mense. Miskien lê die antwoord in 'n wedersydse versterking van positiewe selfbeeld en versterking van ander betekenisvolle en selfs nie-betekenisvolle mense in die lewe van die individu.

Hipotese 3: Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die sportdeelnemer se positiewe intrapersoonlike verhouding (selfkonsep) en taakoriëntering en 'n negatiewe verband met ego oriëntasie.

Tabel 6: Die verband tussen die sportdeelnemer se intrapersoonlike klimaat en doeloriëntering

Veranderlike		Gekombineerde Groepe	Nasionale Groep	Provinsiale Groep	Klub/Skool Groep
Intrapersoonlike verhouding deelnemer en taakgeoriënteerde deelnemer	R-telling	0.27133	0.41960	0.45832	0.11810
	P-waarde	0.0010	0.0022	0.0007	0.4563
Intrapersoonlike verhouding deelnemer en egogeorieënteerde deelnemer	R-telling	-0.13117	-0.06094	-0.19064	-0.29077
	P-waarde	0.1171	0.6710	0.1802	0.0617

Resultate in tabel 6 dui op 'n verband tussen die sportdeelnemer se selfkonsep en sy taakoriëntasie, maar die korrelasie is nie statisties beduidend behalwe by die provinsiale groep nie. Hierdie resultate dui op 'n verband tussen positiewe selfkonsep en taakoriëntasie. Navorsing wat hierdie resultate ondersteun is deur Dunn en Dunn (1999) gedoen. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die persoon met 'n positiewe selfkonsep nie oormatig ingestel is op wat andere van hom dink nie, aangesien hy tevrede voel met homself. Selfkonsep word ontwikkel deur persepsie van evaluasie van

belangrike ander persone. Hierdie evaluasie word verskaf elke keer as daar interaksie met die kind is (Wayda, 1999). Selfkonsep word verbeter wanneer kinders die geleentheid gegun word om hul vermoëns te ondersoek en nuwe vaardighede aan te leer (Bunker in Wayda, 1999).

In die vergelyking tussen die sportdeelnemer se selfkonsep en sy ego oriëntering bestaan daar 'n negatiewe tendens, maar die verband is nie statisties beduidend nie. Die negatiewe tendens dui daarop dat selfkonsep omgekeerd verband hou met ego oriëntasie. Dit kan dalk beteken dat 'n positiewe selfkonsep sal lei tot 'n verlaagde ego oriëntasie en dat persone met 'n lae selfkonsep meer geneig sal wees tot egogeorienteerde gedrag. Dit kan ook wees dat ego oriëntasie lei tot 'n lae selfbeeld oor 'n lang tydperk en dat egogeorienteerdheid 'n soort erosie effek op die selfbeeld kan hê. Prestasies van die atleet wat ongemaklik met homself voel kan dalk negatief deur die egogeorienteerde geneigdheid beïnvloed word (Steyn, 2001). Die resultate van tabel 6 is egter nie sterk genoeg om hipotese 3 volledig te ondersteun nie.

Hipotese 4: Daar bestaan 'n positiewe verband tussen konstruktiewe interpersoonlike verhoudinge (sportdeelnemer se verhouding met ouers en afrigter) en taakoriëntering, asook tussen destruktiewe interpersoonlike verhoudinge en die ontwikkeling van ego oriëntering.

Tabel 7: Die verband tussen die sportdeelnemer se interpersoonlike klimaat en doeloriëntering

Veranderlike		Gekombineerde Groep	Nasionale Groep	Provinsiale Groep	Klub/Skool Groep
Verhouding met Pa en taakgeoriënteerde atleet	R-telling	0.24152	0.26808	0.25312	0.21632
	P-waarde	0.0114	0.2982	0.0761	0.1688
Verhouding met Ma en taakgeoriënteerde atleet	R-telling	0.24984	0.73342	0.36218	0.10306
	P-waarde	0.0082	0.0005	0.0090	0.5160
Verhouding met Afrigter en taakgeoriënteerde atleet	R-telling	0.31151	0.41641	0.30607	0.29963
	P-waarde	0.0010	0.0856	0.0306	0.0570
Verhouding met Pa en egogeorienteerde atleet	R-telling	-0.16132	0.02409	-0.24419	-0.15392
	P-waarde	0.0938	0.9269	0.0874	0.3304
Verhouding met Ma en egogeorienteerde atleet	R-telling	0.01156	0.09545	-0.29818	0.19975
	P-waarde	0.9042	0.7064	0.0336	0.2047
Verhouding met Afrigter en egogeorienteerde atleet	R-telling	-0.04846	-0.12022	-0.11536	0.05448
	P-waarde	0.6168	0.6347	0.4250	0.7351

Daar bestaan 'n positiewe tendens tussen konstruktiewe interpersoonlike verhoudinge (sosiale klimaat) en taakoriëntering. Dit dui daarop dat indien die sportdeelnemer goeie verhoudinge met sy ouers en afrigter het, hy hoër taakoriëntering sal openbaar. Die verband is egter nie statisties beduidend, behalwe by die nasionale groep nie. Daar bestaan 'n omgekeerde tendens in die verband tussen interpersoonlike verhoudinge en die ontwikkeling van ego oriëntering. Hierdie tendens kon egter nie statisties bewys word nie. Die omgekeerde tendens dui daarop dat goeie interpersoonlike verhoudinge laer ego oriëntering tot gevolg sal hê en dat negatiewe interpersoonlike verhoudinge tot hoër egooriëntering sal lei. Hipotese 4 word dus nie ondersteun nie.

Tabel 8: Algemene statistiese gegewens vir die kwalitatiewe navorsing

Veranderlike	Maksimum Moontlik	Gemiddeld Gekombineerde Groep	Gemiddeld Nasionale Groep	Gemiddeld Provinsiale Groep	Gemiddeld Klub/Skool Groep
Taakgeoriënteerde sportdeelnemer	35	30.87	31.90	30.51	30.07
Egogeoriënteerde sportdeelnemer	30	19.06	18.59	19.18	19.49
Taakgeoriënteerde pa	35	29.33	30.41	28.64	28.89
Egogeoriënteerde pa	30	19.97	19.88	19.60	20.52
Taakgeoriënteerde ma	35	29.79	30.44	29.67	29.17
Egogeoriënteerde ma	30	20.51	20.28	20.29	21.05
Taakgeoriënteerde afrigter	35	30.82	31.80	30.64	29.86
Egogeoriënteerde afrigter	30	20.81	20.10	21.84	20.47
Verhouding met self	150	116.72	113.55	119.57	117.12
Verhouding met pa	150	119.59	119.00	123.82	114.79
Verhouding met ma	150	119.59	114.28	124.25	116.19
Verhouding met afrigter	150	122.25	120.78	123.44	121.44

Hierdie tabel bevat opsommings van die totale data van die gekombineerde-, nasionale-, provinsiale- en klub/skool groepe. Hierdie resultate gee aanleiding tot 'n aantal interessante bevindinge.

Doeloriëntering

Die gekombineerde groep het 'n gemiddeld van 30.87 uit 'n moontlike 35 vir taak- en 19.06 uit 'n moontlike 30 vir ego oriëntering gehad. Die nasionale groep het die hoogste in taakoriëntering gemeet (31.90), met die provinsiale groep tweede (30.51) en die klub/skool groep derde (30.07). In terme van ego oriëntering was die nasionale groep die laagste (18.59), dan die provinsiale groep (19.18) met die klub/skool groep (19.49) wat die hoogste getoets het. Hierdie resultate is nie statisties beduidend nie, maar dit is insiggewend om daarop te let dat daar 'n tendens is dat hoër taakoriëntering asook lae ego oriëntering geassosieer kan word met 'n hoër vlak van deelname in kompetisiesport.

Interpersoonlike verhoudinge

Die gemiddelde telling vir die gekombineerde groep vir die verhouding met die pa was 119.59 uit 'n moontlike 150. Die telling vir die verhouding met die ma was presies dieselfde vir hierdie groep (119.59) en die verhouding met die afrigter was 122.25. Die interpersoonlike verhoudinge het nie die verwagte volgorde vir die verskillende groepe gevolg nie. Volgens die resultate toon die provinsiale groep die beste verhoudinge met ouers en afrigters. Die klub/skool groep toon ook goeie interpersoonlike verhoudinge met die nasionale groep wat interessant genoeg onder die gemiddeld val. Volgens hierdie resultate is interpersoonlike verhoudinge nie 'n bepalende faktor in die vlak van deelname in sport nie.

Intrapersoonlike verhouding

In terme van selfkonsep is dit teen die verwagting dat die nasionale groep die laagste getoets het (113.55), met die provinsiale groep die hoogste (119.57) en die klub/skool groep tweede (117.12). Die gemiddeld was 116.72 vir die gekombineerde groepe uit 'n maksimum van 150. Dit wil dus voorkom asof die intrapersoonlike verhouding nie 'n dominante voorspeller van die vlak van deelname in kompetisiesport is nie.

HOOFSTUK VYF

RESULTATE EN BESPREKING DEEL TWEE

INLEIDING

Die resultate van die kwantitatiewe deel van hierdie studie het opnuut bewys dat ouers en afrigters 'n sterk invloed op die doeloriëntering (taak- of ego oriëntering) asook intrapersoonlike verhouding (selfkonsep) van die sportdeelnemer het. Wat hierdie resultate egter nie aandui nie is waarom hierdie invloede teenwoordig is, wanneer kom dit navore en hoe kan dit verander word. Die volgende deel van die studie het van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak en ondersoek hierdie en ander vraagstukke deur indiepte onderhoude met sewe kompeterende sportdeelnemers te voer.

In die eerste deel van die studie het dit aan die lig gekom dat doeloriëntering 'n invloed op sportprestasie blyk te hê, maar dat intra- en interpersoonlike verhoudinge waarskynlik nie 'n bepalende faktor vir die vlak van sportdeelname is nie. Om hierdie rede fokus die onderhoude meer op die ontwikkeling van doeloriëntering uit die interaksie proses tussen atlete, ouers en afrigters. Die intrapersoonlike klimaat as spontane uitvløeisel van doeloriëntering word ondersoek.

Uit die onderhoude is bepaalde dimensies geïdentifiseer waarvolgens die data gegroepeer word. Dit is gedoen deur die roudata te kodeer met verskillende kleure en in betekenseenhede te groepeer en dan verder in kategorieë te reduceer. Hierdie kategorieë word eksemplaries met grepe uit die onderhoude geïllustreer, met verwante literatuur geïntegreer en bespreek. Laastens word die resultate van die vraelys soos ingevul deur elke deelnemer gemerk en bespreek. Die sleutel vir die groepering van betekenseenhede verskyn in bylaag D. 'n Opsomming van die kategorieë, betekenseenhede, asook frekwensie van die voorkoms van die eenhede, verskyn in die volgende tabel:

Tabel 9: Opsomming van die kwalitatiewe navorsingsresultate

Kategorieë (n=5)	Betekenisenhede (n=16)	Frekwenste
Dimensies van taakoriëntering	• Sukses word bepaal deur die bereiking van persoonlike doelwitte (interne norm)	6
	• Wen is steeds belangrik, maar is nie allesoorheersend nie	4
	• Intrinsieke motivering (persoonlike verbetering, genot, satisfaksie, selfbemeestering)	5
	• Aangetrokke tot die sport, neem deel vir deelname se onthalwe	3
Dimensies van ego oriëntering	• Sukses word gemeet deur die opponent te klop	3
	• Sukses word bepaal deur eksterne faktore (roem, medaljes en sosiale aanvaarding)	2
	• Uitkomsgeoriënteerd	3
	• Oormatig besorg wat ander mense van hul dink	3
Ontwikkeling van taakoriëntering	• Invloed van ouers op die ontwikkeling van taakoriëntering by die sportdeelnemer	3
	• Invloed van afrigter op die ontwikkeling van taakoriëntering by die sportdeelnemer	3
	• Algemene aspekte rondom die ontwikkeling van taakoriëntering	5
Ontwikkeling van ego oriëntering	• Invloed van ouers op die ontwikkeling van ego oriëntering by die sportdeelnemer	5
	• Invloed van afrigter op die ontwikkeling van ego oriëntering by die sportdeelnemer	5
Intrapersoonlike verhouding	• Invloed van ouers op die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding	3
	• Invloed van die afrigter op die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding	3
	• Invloed van sportprestasie op die sportdeelnemer se intrapersoonlike verhouding	5

DIMENSIES VAN TAAKORIËNTERING

Uit die onderhoude is die volgende dimensies van taakoriëntering onderskei. Elke dimensie word eksemplaries met aanhalings daaruit geïllustreer en dan bespreek.

Sukses word bepaal deur die bereiking van persoonlike doelwitte (interne norm)

Subjek 3: “*Ek stel vir myself ‘n sekere aantal doelwitte en jy is suksesvol wanneer jy dit bereik. In ‘n wedloop stel ek vir myself doelwitte. Jy kan nie iets daaraan doen as ‘n ander ou dalk tien minute voor jou klaarmaak nie. As dit op die dag goed genoeg is vir ‘n wen dan is dit goed genoeg. As jy in die Comrades mik vir 5 uur 25 minute, dit is gewoonlik ‘n tyd wat die wedloop sal wen. As jy dan 5 uur 25 minute hardloop en daar is ‘n ander ou wat 5 uur 22 minute hardloop, dan is dit maar nou net nie jou dag nie.*”

Subjek 4: “*Ek is suksesvol as ek my eie doelwitte bereik. Ek stel vir myself baie prosesdoelwitte. Oor tegniek, roetines en my gesindheid teenoor die kompetisie byvoorbeeld. Klein goedjies. Hoe hanteer ek my opponente, hoe warm ek op. Ek stel vir elke kompetisie nuwe doelwitte. Net dat ek op my doelwitte fokus is al klaar ‘n doelwit. Om hierdie doelwitte te bereik is vir my meer belangrik as waar ek kom. Om byvoorbeeld eerste, tweede of derde te kom is meer ‘n bonus. As ek al my doelwitte bereik en ek kom laaste pla dit my glad nie. Ek het my doelwitte bereik en van daar af kan ek weer bou.*”

Subjek 6: “*Sukses is as ek die doelwitte wat ek vir myself gestel het bereik. As ek byvoorbeeld vir myself sê, ek stoei byvoorbeeld teen ‘n persoon wat ek nog nooit gewen het nie. Ek probeer dan net twee punte teen hom maak of ek probeer net twee of drie punte afgee in die hele wedstryd. As ek dit behaal het is dit vir my wen.*”

Subjek 7: “*Jy kan vir jouself doelwitte stel. Jy wil byvoorbeeld net in hierdie liga bly, al wen jy nie die liga nie en jy val nie uit hom uit nie, dan is dit ‘n wen vir jou span.*”

Bespreking van die onderhouddata

Die taakgeoriënteerde sportdeelnemer stel persoonlike doelwitte waaraan sukses gemeet kan word. Hierdie doelwitte dien as interne norm en dit verminder die oormatige fokus op wen, deurdat ‘n wensituasie ervaar kan word selfs as hy nie eerste kom in die kompetisie nie. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met verskeie ander navorsers soos byvoorbeeld Williams (1994) wat beweer dat taakgerigte deelnemers hul bevoegdheid aan die hand van doelwitbereiking bepaal. Dit is belangrik dat hierdie doelwitte deur die sportdeelnemer self opgestel word, bereikbaar moet wees en dat die sukses daarvan deur die sportdeelnemer self bepaal kan word. Ses van die sewe deelnemers aan die studie het aangedui dat hulle van doelwitstelling in hul sport gebruik maak. Dit wil dus voorkom of elite sportlui meestal vir hulself doelwitte stel om gevoelens van sukses te ervaar en daardeur motivering te behou.



Wen is steeds belangrik, maar is nie allesoorheersend nie

Subjek 1: “Titels is ‘n bonus. Die geld is ook belangrik, maar dis nie die hoofdoel nie. Ek wil definitief die beste word wat ek kan word, as ek op my beste is sal alles in plek val.”

Subjek 3: “Jy kan nie iets daaraan doen as ‘n ander ou dalk tien minute voor jou klaar maak nie. As dit (jou tyd) op die dag goed genoeg is vir ‘n wen dan is dit goed genoeg. Wen is net die kersie op die koek. Jy moet nie net ‘race’ vir ‘n tyd nie, want baie dinge kan verkeerd gaan. Jy kan ‘n pap wiel kry of so iets. My eerste doelwit vir enige ‘race’ is om dit klaar te maak. Dit is al klaar soms moeilik. Die tweede ‘goal’ moet wees om ‘n goeie ‘race’ te hê. Dan gaan jy al klaar goed doen. Jy moet goed voel deur die ‘race’. Dan moet jou doelwit wees om ‘n goeie tyd te behaal. As jy vier doelwitte het wat jy op die dag wil bereik, moet wen die laaste een wees. As jy alles reg doen gaan jy in die laaste 10 kilometer sien jy is in ‘n posisie om te wen. Dan kan jy wen. Jy moet nie wegspring en dink aan wen eers nie. Jy gaan deur soveel ‘ups’ en ‘downs’ deur die ‘race’. As jy heeltyd dink wen, wen, wen gaan jy nie wen nie. As almal sport doen net om te wen, dan gaan daar baie ongelukkige ouens in die wêreld wees. As jy ‘n afdag het gaan die ander ou jou wen, jy hoef nie jou polse te sny nie. Dit leer jy net deur te verloor. Dit gaan oor om deel te neem. Jy moet dit geniet, maar jy moet nog steeds jou beste gee wat jy kan gee.”

Subjek 6: “Wen is belangrik, maar dit oorheers nie alles nie. Veral in stoei, stoei is ‘n 50-50 sport. Ek het al verloor teen swakker opposisie, omdat hy een ding reg doen of ek een ding verkeerd doen.”

Subjek 7: “Dit is ‘obviously’ belangrik om te wen, maar dit is nie al waaroor dit gaan nie. Ons laaste toernooi het ons teen ‘n baie sterk span gespeel. As jy na die individuele spelers gekyk het was ons opponente baie groter name en sterker spelers gewees. Ons het bo ons vermoë gespeel en hulle het reg op die einde gewen met ‘n strafdoel. Ek voel ons span het regtig ge ‘rise to the occasion’. Al het ons verloor was ons tevrede.”

Bespreking van die onderhouddata

Die doel van kompetisiesport is om te wen, maar taakgeoriënteerde deelnemers aanvaar dit as hy sy beste doen en dalk op die dag geklop word. Wen is die kersie op die koek wat volg as die proses van oefening en kompetisie reg verloop. Dit veroorsaak dat die deelnemer gemotiveer bly al loop dinge tydens die kompetisie verkeerd. Ander navorsers het ook gevind dat taakgeoriënteerde deelnemers nie oormatig gefokus is om te wen of hul prestasies met die van ander te vergelyk nie (Duda, 1996; Ntoumanis & Biddle, 1998; Vlachopoulos *et al.*, 1997). Die wil om te



wen is steeds baie sterk, maar die taakgeoriënteerde deelnemer besef dat daar slegs een wenner op 'n bepaalde dag kan wees. Deur tevrede te wees daarmee as hy sy beste gedoen het, sal hy steeds gemotiveer wees om hard te oefen en uitsien na die volgende kompetisie waar dinge miskien beter sal verloop.

Vier uit sewe van die deelnemers het gesê dat wen nie allesoorheersend moet wees tydens kompetisie nie, maar dat dit tog ook belangrik is. Hierdie is 'n baie moeilike beginsel vir enige top sportman wat dalk professioneel deelneem en finansiële vergoeding ontvang. Die aanduiding is dat 'n taakgeoriënteerde instelling kan help om die oormatige fokus van wen ten alle koste te oorkom.

Intrinsieke motivering prominent (persoonlike verbetering, genot, satisfaksie, selfbemeestering)

Subjek 1: "Ek wil graag die beste word wat ek moontlik kan word, as ek op my beste is sal alles in plek val. Vir my gaan dit net oor die genot van die sport."

Subjek 3: "Jy moet op die ou end jou sport geniet. As jy dit nie geniet nie kan jy net sowel stop. Dit gaan oor om die beste te word wat jy kan word in alles wat jy doen."

Subjek 6: "As ek my beste gegee het in oefening en ek het krag geoefen en tegniek en grepe reg gedoen, kan ek in 'n kompetisie ingaan en myself geniet. As ek goed voorberei het is ek suksesvol."

Subjek 7: "Dit gaan oor die hele ervaring, jou genot wat jy kry om jou liggaam in 'n goeie kondisie te hou. Dit is vir my lekker om te oefen. Ek wil graag fiks wees, ek wil nie my span in die steek laat nie. Ek wil ook nie myself in die steek laat nie. Ek wil doen wat ek gewoon is om te kan doen. Ek wil beter en sterker en vinniger word. Partykeer speel jy teen 'n span wat regtig baie sterker as jy is, maar dan gaan dit om jou beste te lewer wat jy in jou span kan doen."

Bespreking van die onderhouddata

Vir die taakgeoriënteerde deelnemer is die primêre doel van sport om die sporttaak te bemeester, probleme op te los en persoonlike verbetering te ondergaan. Die persepsie van vermoë lê in selfgebaseerde kriteria en min sosiale vergelyking word gedoen



(Steyn, 2001). White (1998a) is van mening dat die taakgeoriënteerde sportdeelnemer gemotiveer word om deel te neem so lank as wat daar 'n mate van persoonlike uitdaging teenwoordig is. Elke deelnemer moet streef na selfbemeestering waar hy voel dat hy hard probeer en alles insit om die beste te word wat hy kan word. Vyf subjekte het in die onderhoud aangedui dat hulle deelneem aan sport vir genot, persoonlike satisfaksie en selfbemeestering (selfaktualisering). Die aanduiding is dus dat wanneer 'n deelnemer taakgeoriënteerd is, hy intrinsiek vir deelname gemotiveer word.

Aangetrokke tot die sport, deelnemer neem deel vir deelname se onthalwe

Subjek 1: "Ek dink die verskil tussen die boks en die ander sportsoorte is dat ek nog altyd wou boks. Dis 'n liefde en nie 'n werk nie. Ek het baie na boksgevegte gekyk op band. Boks is 'n wegkom kans, 'n ontvlugting. Met boks 'please' ek myself en met die ander sporte het ek gevoel ek 'please' andere. Ek kan met boks my frustrasies uitslaan. Ek kan hoe 'n slegte dag gehad het, voel ek goed nadat ek 'n sessie in die 'gym' gehad het."

Subjek 4: "Ek dink ek neem deel meer vir die lekkerte. As ek net op die ys kan rondspring en enige musiek speel waarvan ek hou dan is dit lekker vir my. Ek het 'n boks vol videos van die wêreldkampioenskappe en alles. Ek kyk dit oor en oor en oor en leer elke keer iets nuut."

Subjek 5: "Ek onthou toe ek matriek geskryf het. Al wat ek wou doen was om tennis te speel. Ek het lesse gehad drie keer per week vir 'n uur. Daardie uur was so intens, ek het geleer vir die eksamens, maar al wat ek eintlik wou doen is tennis speel. Ek was op 'n 'high'. Daardie jaar het ek die beste tennis gespeel wat ek nog ooit gespeel het."

Bespreking van die onderhouddata

Die taakgeoriënteerde deelnemer het 'n passie vir die spesifieke sport wat hy beoefen. Hy geniet dit en dit is al wat hy wil doen. Hierdie deelnemers sien sport as 'n doel opsigself en nie 'n middel tot 'n doel nie (Duda *et al.*, 1991; Steyn *et al.*, 1997). Dit is voordelig indien die deelnemer 'n werklike liefde en honger vir die sport het, en indien dit nie teenwoordig is nie, doen hy die sport heel waarskynlik vir die verkeerde redes en sal minder taakgerig wees.

Drie van die subjekte het in die onderhoud bevestig dat hulle 'n geweldige honger en passie vir die sport het en dat hul motivering van binne-af kom. Dit lyk asof mense

makliker gemotiveer sal word, indien hulle deur die betrokke sport aangetrek word.

DIMENSIES VAN EGO ORIËTERING

Uit die onderhoude is sekere dimensies van ego oriëntering onderskei wat vervolgens bespreek word. Die egogeoriënteerde deelnemer moet beter presteer as ander deelnemers om suksesse te ervaar. By atlete met hierdie ingesteldheid is die gevoel van vermoë direk afhanklik van eksterne kriteria (prestasie van ander) en die proses van sosiale vergelyking.

Sukses word gemeet deur die opponent te klop

Subjek 2: "Om te wen is belangrik, dis tog waarom 'n mens sport doen. Ek het as 14 jarige begin hardloop. My belangstelling daarin het gekom toe ek sien ek wen die 1200 meter wedloop. Met hardloop was ek die mees suksesvolste. 'n Mens doen mos maar iets waarin jy die mees suksesvolste is. Daardie tyd speel 'n ou krieket, rugby en al daardie goed, maar met hardloop was ek die mees suksesvolste."

Subjek 3: "Op skool was wen baie meer belangrik as nou. Jy sal enige iets doen om te wen. Dan raak jy half 'over eager' in wat jy doen, omdat jy dinge forseer."

Subjek 6: "Ek sou enige iets doen om te wen, baie keer was ek onsportief gewees. In sekere situasies sou ek kies om die ou met die kop te slaan en dan te gaan vir sy bene."

Bespreking van die onderhouddata

Wen is vir die egogeoriënteerde deelnemer die enigste bepaler van sukses en hierdie persoon sal feitlik enige iets doen om te wen. Hierdie bevinding word ondersteun in die literatuur wat sê dat egogeoriënteerde deelnemers hulself sien as suksesvol, alleen as hulle die beste is (White, 1996; White, 1998a; White, 1998b). Die feit dat wen oorbeklemtoon word lei tot verminderde inspanning in die sporttaak, wanneer die deelnemer sien dat hy nie gaan wen nie. Dit kan lei tot die staak van deelname aangesien sukses slegs ervaar word indien hy wen.

In die strewe om te wen ten alle koste kan die deelnemer hom wend tot onsportiewe en ontoelaatbare gedrag om te verseker dat hy eerste kom. Uit die onderhoude van drie

subjekte in hierdie studie het dit navore gekom dat sukses ervaar word, alleen deur die opponent te klop.

Sukses word bepaal deur eksterne faktore (roem, geld, medaljes en sosiale aanvaarding)

Subjek 2: "Hoe meer jy as 'n grootmens begin lewe, begin jy meer dink aan sukses in terme van geld, waar jy daardie tyd (as kind) meer gedink het aan prestasie. Ek het (as kind) begin oefen by 'n afrigter wat 'n groot groep gehad het en elke Maandagaand het hy 'n 4 kilometer tydtoets gehad. Elke Vrydag het hy die Maandag se tydtoets uitslae in die koerant geplaas en om jou naam in die koerant te gekry het daardie tyd was ongelooflik."

Subjek 5: "As jy wen kry jy geld en meer erkenning. Dit is soos om 'n toets te skryf. Jy wil deurkom en nie met een persent druip nie."

Bespreking van die onderhouddata

Die egogeorienteerde deelnemer bepaal sukses deur eksterne faktore en wil ander mense beïndruk deur geld, roem, medaljes en sosiale aanvaarding. Duda (1989) het gevind dat die egogeorienteerde deelnemer verwag dat sport sy sosiale status sal verbeter en gevoelens van selfbelangrikheid sal verbeter. Indien die ego gerigte deelnemer nie hierdie eksterne belonings ontvang nie, sal hulle moed verloor en minder gemotiveer wees aangesien hulle nie sukses ervaar nie.

Twee subjekte in hierdie studie het aangedui dat die eksterne faktore belangrik is. Hierdie twee subjekte is albei ego gerig en nie baie suksesvol in hul sport nie, ten spyte daarvan dat hulle baie talentvol is. Dit kan dus gebeur dat 'n deelnemer wat baie goed is, nie eksterne terugvoer ontvang nie en dan sal ophou probeer om sy beste te lewer.

Uitkomsgeorieënteerd (meer bekommerd oor die uitslag as die deelname)

Subjek 2: "Vir my was dit nog altyd 'n droom dat as ek oefen of as ek hardloop dat ek droom daarvan om in 'n Olimpiese Spele deel te neem. My doel was nie net om deel te neem nie, maar om goed te hardloop. Ek praat om in die top drie te hardloop. Dis vir my amper asof 'n mens, as jy ouer word word daai doelwit moeiliker as jy jonger is, is dit amper asof jy



meer konsentreer op wat jy doen en nie dink aan die einddoel nie. Waar as jy ouer word, begin jy eers dink aan die einddoel en dan wil jy konsentreer op wat jy doen. As ek vat toe ek as 19 jarige gehardloop het, die kompetisie waarteen ek gehardloop het was baie goed en ek het gewen. As ek nou terugdink het ek daardie tyd nooit besef wat om my aangaan nie waar jy nou in 'n wedloop hardloop en na 'n sekere tyd, sê jy hardloop 'n 10 kilometer wedloop, en na 6 kilometer begin jy klaar dink aan watter posisie jy gaan eindig waar jy vroeër anders gedink het. Ek dink dit is 'n probleem nou. Ek sal sê ek oefen nou baie harder. Ek oefen baie meer gespesialiseerd met baie beter produkte as daardie tyd maar jou manier van dink is anders en ek wens ek kan daardie denkwysse omdraai, want ek is seker as ek dit kan doen, gaan ek weer beter kan hardloop. As ek oorsee deelneem, as jy op die lyn gaan staan en hier staan 'n ou langs jou met 'n volle Fila uitrusting of Nike uitrusting dan weet jy klaar jy het moeilikheid. Want niemand het daardie klere aan as hy nie 'n goeie atleet is nie."

Subjek 3: *"Dit gebeur partykeer, sê nou jy word tiende ge 'rank' in die wêreld. As jy besig is met 'n 'race' en jy sê vir jouself as ek hierdie 'race' wen sal ek sesde wees. Dit beteken meer geld, dan is jy dadelik onsuksesvol in die wedloop. Jy begin fokus op die verkeerde goed byvoorbeeld jy moet hierdie ou wen want sy 'ranking' is beter as joune. Dan kan jy dit maar net sowel los. Jy gaan 'n goeie 'race' hê tot op 'n punt en dan gaan jy net uitval. Fisies is jy nog net so goed, maar jou geestelike ingesteldheid is verkeerd."*

Subjek 5: *"Toe ek moes inskryf vir 'n kompetisie wou ek nie deelneem nie. Ek weet nie wat gebeur het nie. Ek het toe nie deelgeneem nie. Dit was meer dat ek in myself getwyfel het. Ek voel dat ek nie myself 'n kans gegee het nie. Ek dink miskien is ek bang om te verloor en myself en ander teleur te stel. Ek het al die spelers geken wat in die toernooi sou speel. Ek dink ek was bang wat ander van my sou dink. Ek verkies dit om te speel waar mense my nie ken nie. Ek het te hoë doelwitte vir myself gestel in 'n te kort tyd. Ek het gedink dat ek verlede jaar top 500 in die wêreld kan wees. Dit het toe nie gebeur nie. Ek dink dit het my benadeel."*

Bespreking van die onderhouddata

Egogeoriënteerde sportdeelnemers fokus op die uitslag (wen) voordat die kompetisie voltooi is. Dit kan lei tot swakker konsentrasie op die taak en ook swakker prestasie tydens kompetisie. White (1998b) meen dat ego gerigte sportdeelnemers sport sien as 'n middel tot 'n doel (uitkoms). Dit is belangrik om op die taak gefokus te bly en nie reeds die uitslag te ervaar, voordat die kompetisie verby is nie. Die ego gerigte deelnemer neem deel om te wen en nie vir die proses of vir deelname se onthalwe nie. Dit bring mee dat hulle amper die kompetisie verby wil kry om by die eindpunt te arriveer in stede daarvan om die proses te geniet en gefokus te bly. Tydens die onderhoude het drie van die subjekte genoem dat hulle die uitkoms voor die proses



stel. Subjek 3 besef dat dit die verkeerde ingesteldheid is en veg voortdurend daarteen. Die ander deelnemers is ego gerig en besef nie dat hulle denke destruktief vir goeie prestasie tydens kompetisie is nie.

Oormatig besorg wat ander mense van hulle dink

Subjek 2: "Ja dit is belangrik (wat ander mense van my dink). Ek dink in daai sy is ek nogal baie emosioneel en fyngvoelig. Publisiteit is vir my belangrik. Dit was nog nooit belangrik vir my dat hulle my moet inhê (in die koerante) die hele tyd nie. Maar ek moet sê dit het 'n baie groter rol op my as daar iets negatiefs in is as wat daar positief in is. Ek het al gehoor baie sportmense sê hulle lees net nie die koerante nie. Maar met my is dit nie die geval nie. Ek dink as ek die koerant lees en daar staan ek kan definitief nie 'n Olimpiese medalje wen nie, dan sal dit my nogal meer pla as wat daar gestaan het hy kan dit wen. Dit is 'n moeilike konsepsie, want dit is 'n persoon wat dalk nie verstaan hoe werk dambord nie. Maar hy kan jou afskiet as 'n atleet. Hy kan dalk jou toekoms breek. Ek dink dit het dalk baie te doen met hoe 'n mens groot geword het. Ek dink daar veral as Suid-Afrikaners, skiet ons tekort. Ek dink definitief die manier hoe jy groot gemaak is. Ek dink die manier wat ek groot geword het, is dat dit vir jou belangrik is dat almal van jou hou. As iemand nie van jou hou nie, dan is dit nogal vir jou moeilik om dit te verstaan. Ek dink dit kan inderwaarheid geen rol speel nie, maar ek dink as ek oor myself praat dan dink ek ek het nie so 'n goeie selfvertroue nie. Hoe meer mense in jou glo hoe meer glo jy dit bou op in jou. Waar dit eintlik van of uit jouself moet kom. Ek dink die selfvertroue probleem, dit is my eintlike probleem."

Subjek 5: "Ek probeer nie sê, maar ek dink ek is. Ek is in sekere maniere meer bekommerd oor wat ander mense dink as ek self. As ek net op my tennis gefokus het sou ek waarskynlik 40% beter gespeel het. Ek weet altyd presies wat die ander tellings in 'n toernooi is al weet ek dit is nie belangrik nie. Nog 'n ding wat my pla. Ek speel meeste van die tyd op 'centrecourt'. Ek sal nooit vergeet nie, verlede jaar. Ek het gespeel teen 'n ou van ek dink Nigerië. Ek het net teruggekom van oorsee en ek het die bal baie goed geslaan. Ek het die eerste stel 6-4 gewen en was voor in die tweede stel met 4-1. Die afrigter was daar, my ma was daar, toe begin die koerantfotograwe kom. Ek het daardie stel 7-6 verloor en die volgende stel verloor en ook die wedstryd verloor. Almal sê ek het my konsentrasie verloor, maar ek dink dit was iets anders. Die volgende dag in die koerant was daar 'n groot foto van my opponent in die koerant en niks van my nie."

Subjek 6: "As hulle dink ek gaan wen gaan dit partykeer teen my tel. Dan gaan ek daai druk hê van hulle het dit gesê en nou moet ek wen. Dan sit ek druk op myself."

Bespreking van die onderhouddata

Die egogeorïenteerde deelnemer is oormatig bewus oor wat ander mense van hom

dink, soveel so dat dit sy prestasie sal beïnvloed. Hierdie bevinding word ondersteun deur Steyn (2001) wat sê dat die egogeoriënteerde deelnemer meer verdeelbaar en afleibaar deur ander persone is. Die ego gerigte deelnemer neem deel om andere te beïndruk, te wen en erkenning te kry en dit is vir hulle belangrik dat ander mense van hulle moet hou en respekteer. Dit kan meebring dat hulle fokus op andere en nie op die proses nie, wat dan weer 'n nadelige invloed op sportprestasie kan hê.

ONTWIKKELING VAN TAAKORIËTERING BY DIE SPORTDEELNEMER

Vervolgens word ondersoek uit die onderhoude waarom ouers en afrigters die ontwikkeling van taakoriëntering by die sportdeelnemer beïnvloed. Dit word gedoen deur aanhalings uit die onderhoude te neem en aan die hand van relevante literatuur te bespreek.

Die invloed van ouers op die ontwikkeling van taakoriëntering by die sportdeelnemer

Subjek 1: "Hulle (my ouers) wou nie dat ek boks nie. Hulle het my eerder aangemoedig om te swem en rugby te speel. Hoe minder druk hulle op my geplaas het hoe beter het ek probeer 'perform' en dan was ek meer op my gemak. Toe my pa sien ek is ernstig met my boks en ek sit 100% in my boks toe aanvaar hy dit en hy ondersteun my. My ma kyk nou nog nie na my gevegte nie. My pa kyk, al kry hy amper elke keer 'n hartaanval."

Subjek 3: "Dit is baie moeilik om vir 'n kind dit te leer. Dit is definitief gene en ook hoe jy groot gemaak is. As jy groot gemaak word met jy moet gaan wen en dit is al wat belangrik is, baie ouers hou op met sport en jy sien hulle nie weer nie. My ma het gesê jy moet net gaan deelneem en dit geniet. As jy dit geniet, dit is al waaroor dit gaan. Dit gaan nie oor hoeveelste jy kom nie. Op die ou einde was sy meer betrokke as my pa, want hy het nie daarvan gehou as ek verloor nie. Ek het meer op my ma gefokus. My ma was baie betrokke en het na al die sporte toe gegaan. As ek wen was sy bly en as ek verloor het sy gesê dit is maar die lewe."

Subjek 4: "My ouers is die beste ouers wat jy kan aan dink. Hulle het nog nooit enige druk op my gesit soos jy moet kompeteer of jy moet wen nie. Hulle het altyd gesê ek moet dit net geniet. My ma het gesê sy wil sien dat ek dit geniet. My ma was die hoofrolspeler. My pa was altyd by en ondersteunend, maar meer op die agtergrond. Toe ek klein was het ek altyd vir my ma gesê sy mag nie kyk as ek kompetisie doen nie. Sy kon bystaan met die oefening, maar nie met kompetisie nie. Een dag het ek vergeet om vir haar te sê sy moet uitgaan en van toe af het sy maar gebly. My ma het net kwaad geword as ek huil en kwaad is vir die afrigter. Ek mag glad nie lelik wees met my opponente nie. Sportmanskap was vir haar baie

belangrik.”

Subjek 7: *“Ek dink nie hulle (my ouers) verstaan dit so goed, omdat hulle self nie sportmense is nie. Hulle het nooit my kompetisies bygewoon nie, hulle het maar net gevra hoe het dit gegaan na die tyd. Wen was glad nie belangrik nie.”*

Bespreking van die onderhouddata

Ouers wat taakgeoriënteerde gedrag wil vestig moet deelname aan sport prys ongeag van prestasie. Hulle moet fokus op die groter prentjie en die sportdeelnemer se belange eerste stel. Ander navorsers het reeds erken die invloed van die insette van die ouers en afrigters op die vorming van taakoriëntering by die sportdeelnemer (Ames, 1992; Ebbeck & Becker, 1994; Dunn & Dunn, 1999; Sluis *et al.*, 1999; White, 1996).

Dit wil voorkom dat wanneer ouers minder betrokke is by die deelnemer se sport, hulle die ontwikkeling van taakoriëntering sal bevorder. Dit gebeur waarskynlik omdat die kind nie gedruk voel om deel te neem of te presteer nie, maar dit doen omdat hy dit wil doen vir homself en omdat hy dit geniet. As hy dan verloor ondersteun sy ouers hom steeds en hy voel nie of hy misluk nie.

Die invloed van die afrigter op die ontwikkeling van taakoriëntering by die sportdeelnemer

Subjek 1: *“Die boksouens (afrigters) oor die algemeen nege en negentig persent is meer oor die uitslag. Behalwe die Sersant-Majoor in die weermag, was nie so nie. Hy was meer persoonlik, besorg oor jou as mens.”*

Subjek 7: *“Ek het nooit regtig rekord gejaag op skool nie, so my afrigters het nie te veel van my verwag nie. My huidige afrigter het ons ook baie geleer dat wen nie alles is nie. Jy moet vir jouself doelwitte stel wat realisties is. Vir beide die span en individueel.”*

Bespreking van die onderhouddata

Die afrigter sal die ingesteldheid teenoor wen wat hy self het aan die sportdeelnemer oordra. As wen baie belangrik is sal die deelnemer druk ervaar om te presteer. Dit lyk asof relatief min afrigters in die onderhoude taakgeoriënteerde gedrag bevorder



het. Dit is daarom belangrik dat die deelnemer die tegniese aspekte van die sport by die afrigter leer, maar ook 'n ondersteuningsstelsel in plek het om taakgeoriënteerde denke te vorm, indien dit nie by die afrigter geleer kan word nie. Le Unes en Nation (1989) meen die afrigter het 'n invloed op, en speel 'n groot rol in die skep van doeloriëntering van die sportdeelnemer.

Dit is belangrik vir die afrigter wat taakgeoriënteerde gedrag wil vestig dat hy moet belang stel in die kind en die kind se belange eerste stel. Dan sal die kind deelneem nie om die afrigter te beïndruk nie, maar vir homself en om die doelwitte wat hulle opgestel het, te bereik. Dan help die afrigter die kind om sy beste te lewer vir die kind se onthalwe en nie vir ander, selfsugtige redes nie.

Algemene aspekte rondom die ontwikkeling van taakoriëntering by die sportdeelnemer

Uit die onderhoude het 'n paar algemene aspekte in terme van taakoriëntering navore getree. Daar word nou hierna gekyk.

Subjek 1: "Jou beste tyd is dalk vierde plek of laaste van die heat-Mense sien dit nie as 'n wen nie, maar dit was jou beste tyd ooit. Dan is dit mos 'n wen vir jouself. Maar mense sien dit nie so nie. Die wenner se tyd word dan nie in ag geneem nie, maar omdat hy eerste gekom het, is dit wen vir mense."

Subjek 3: "Ek sien dit so. Ek is deel van die 'universe', net soos 'n boom deel is van die 'universe'. En 'n boom, kyk hoe lyk hy nou. Daar is nie blare aan nie. Jy gaan deur 'ups' en 'downs' gaan. Jy kan nie altyd positief wees nie. Jy gaan op en af net soos die natuur op en af gaan. Jy kan nie altyd 'heavy gefocus' bly nie, dis onmoontlik. Enige sportman gaan deur 'ups' en 'downs'. Dalk het hy 'n 'great' seisoen die een jaar, die volgende jaar is hy af. Ek probeer niks 'force' nie. As ek vandag byvoorbeeld nie gemotiveerd is om 200 km te gaan fietsry nie sal ek nog steeds gaan ry, maar net 100 km. Tot jy die motivering weer terugkry. Dit help nie om aanmekaar te 'force' en te 'force' en te 'force' nie. Op die ou einde grou jy vir jouself net 'n groot gat. 'n Afrigter moet veral op skool moet meer doelwitte stel. Soos in 'n rugbywedstryd moet hy elke speler 'n werk gee om te doen in die wedstryd. As elke speler sy werk reg doen, gaan hulle wen. As hulle dit nie reg doen nie het hulle nie hulle doel bereik nie. Ek het dit met die tyd deur geleer. Ek dink dit kom deur harde oefening dag in en dag uit. Later forseer jy dit so en jy kry beserings, dan wonder jy hoekom kry ek dit, wat doen ek verkeerd. Op die einde as jy daarvoor begin dink, sorteer hierdie goed hulself uit. Die oosterse filosofie se uitkyk is dat daar is nie 'n eindpunt nie, en dit gaan oor die hele proses om die beste te word. Om jou self die beste te maak wat jy kan wees."



Subjek 6: "Dit gaan daaroor as die stoeier sy beste gedoen het. As hy sy potensiaal bereik het op die dag al was dit eerste of laaste, moet hy tevrede wees. As hy sy beste doen is dit goed genoeg."

Subjek 7: "Dit is half vir my logies. Jy kan nie die heelyd wen nie. Daar is maar een van twee (spanne) wat gaan wen. Ek dink jy moet vir hom klein doelwitte stel. Sy eerste doelwit moet net wees om 'n lengte onder water te kan swem. Positiewe versterking is baie belangrik. Jy moet hom aanmoedig as hy daarby uitkom. Ek dink die kind moet nie in een rigting ingedruk word nie, hy moet gebalanseerd ontwikkel. Dit moet lekker bly vir die kind en hy moet aan meer as een sport blootgestel word. Hy moet eers later begin fokus op een sport. Ouers moet nooit die kind forseer om te kies nie, dan brand hy uit. As hy verloor moet jy op positiewe dinge fokus. Hy moet dit net geniet om saam met sy maats te wees. Jy moet hom nie dwing om te gaan oefen nie."

Bespreking van die onderhouddata

Die sportgemeenskap definieer sukses wanneer wen teenwoordig is. Dit is egter nie altyd vir die deelnemer moontlik nie, aangesien slegs een persoon of span op die dag kan wen. Dit lyk asof taakoriëntering ontwikkel wanneer die deelnemer gefokus bly op sy eie doelwitte en nie oormatig bekommerd is oor die opposisie, iets wat hy nie kan beheer nie. Die deelnemer moet deelneem vir homself en die groter prentjie van die lewe sien. Hy moet elke keer sy beste doen en dit moet goed genoeg wees, ongeag van die vlak van prestasie wat hy al in sy sport bereik het.

Taakoriëntering ontwikkel wanneer die deelnemer rustig word met homself en sy omgewing en besef dat hy nie altyd gaan wen nie. Hy leer om te fokus op dinge wat hy kan beheer en om daarna te strew om sy maksimum potensiaal te bereik.

ONTWIKKELING VAN EGO ORIËTERING BY DIE SPORTDEELNEMER

Soos by taakoriëntering kan ouers deur hul optrede egogeorienteerde gedrag ontwikkel by kinders en sportdeelnemers.



Die invloed van die ouers op die ontwikkeling van ego oriëntering van die sportdeelnemer

Subjek 1: "Op skool was dit net altyd wen, wen, wen. Jy moet 'n trofee wen, jy moet in die eerste span speel, dan is jy suksesvol. Toe ek op skool was, was wen 'n kultuur. Jy kry meer aandag as jy presteer. Dit was natuurlik as jy 'n goeie prestasie behaal het, dan kry jy meer aandag. Hulle het nie afgebreek as jy verloor het nie. Hulle (my ouers) het 'n ophef gemaak daarvan as ek op skool gewen het met die sport wat ek beoefen het, maar as ek nie goedge doen het nie, het hulle maar stilgebly."

Subjek 2: "Wat ek van hom (my pa) kan onthou is dat hy in die oggende voor skool saam met my 'n 5 kilometer gehardloop het en ek sal nooit vergeet dat as hy in die oggende in die gang afgekom het, het hy Sustagan ('n energiedrankie) vir my geklits en dit vir my in my kamer kom gee. My pa was 'n goeie sportman. Van kleins af was 'n mens betrokke in sport en wen was belangrik. Ek dink hoe jy dus groot gemaak word, speel 'n rol in jou manier van denkwysse. As jy rugby gespeel het was dit belangrik dat jou span wen. Dat jy 'n 4 of 'n 6 slaan in krieket. Dit was belangrik. Net dat hy nooit dit gesê het nie, maar ek het dit so ervaar. My ma was 'n baie senuweeagtige persoon. Sy het baie min na wedlope toe gegaan, want sy het geglo dat as sy senuweeagtig is, dat dit afspeel op my of op my broer. Dat 'n mens dit kan aanvoel of dat jy dit kan sien. So haar manier van ondersteuning was maar altyd om te sorg dat as 'n ou die aand by die huis kom dat daar lekker kos is. Dit was altyd vir haar lekker om te sien as 'n ou 'n beeldjie of 'n medalje huistoe bring. Ek dink dit was meer 'n senuweeagtigheid uit bangheid dat 'n mens deelneem en jy stel jouself teleur. Ek dink dit het meer gegaan oor die emosionele sy daarvan dat as jy regtig geweet het vandag as jy onder die eerste 2 kom kry jy Vrystaatkleure as jy derde kom kry jy dit nie. Ek dink dit was dalk vir haar moeilik, dat as sy daar was en jy kom derde dan was dit vir haar moeilik. Maar as sy by die huis bly en jy kom by die huis en sy hoor hoe dit gegaan het, kon sy dit beter verwerk het."

Subjek 3: "My pa is 100% wen of los dit. Dis van kleins af so. As ek nie gewen het nie, het hy gestres. Hy het gesê mens moet of wen of dit los."

Subjek 5: "Hulle (my ouers) druk my nie om professioneel te gaan speel nie. Hulle kan ook nie uitwerk waarom ek die bal so goed slaan in oefeninge nie en dan nie deurkom in toernooie nie. Hulle was baie betrokke in my sport, veral toe ek jonger was. Hulle kan nie saam met my kom as ek oorsee gaan nie, dis te duur. As ek dink finansieel wat my ouers op my sport spandeer het. Hulle het duisende spandeer, meer as ander ouers."

Subjek 6: "My pa was baie betrokke gewees in terme van hy was altyd beamppte en afrigter. Hy het altyd saam met my gewerk. Hy het my orals heen gery. Ek dink nie daar is 'n plek in Suid-Afrika waar ons nie gestoei het nie. My pa was ook betrokke by die kompetisies. My ma was minder betrokke. Sy het nou en dan stoei toe gegaan maar sy het meer gehelp



met my dieet, by die huis. Sy het min saamgegaan. My ma sal my sien as suksesvol as ek 'n plek kry, tussen die eerste drie kom. Sy sal altyd vir my sê, sien jou vanaand met 'n medalje by die huis. Ek blok dit heeltemal uit op die dag self en probeer fokus op die stoei."

Bespreking van die onderhouddata

Ouers wat wen beklemtoon ten alle koste en kinders prys alleen as hulle gewen het, kan daardeur 'n ego gerigte benadering vestig. Dit kan ook gebeur dat hulle te veel aandag aan hul kinders se sport skenk, sonder om op die ontwikkeling van potensiaal en verbetering te fokus en kan sodoende ego oriëntasie ontwikkel.

Die deelnemer wat te veel druk ervaar van sy ouers om te wen sal dink dat hy moet wen om suksesvol te wees. Indien hy oor 'n lang periode van tyd relatief min wen, kan hy ophou met deelname omdat hy 'n mislukking voel. Die deelnemer moet self graag wil presteer omdat hy wil en nie omdat hy iets aan sy ouers wil bewys nie.

Die invloed van die afrigter op die ontwikkeling van ego oriëntering van die sportdeelnemer

Subjek 1: *"Hy (my afrigter) is anders as ek. Hy is meer materialisties. Sy doel is meer op wen."*

Subjek 2: *"My heel eerste afrigter, ek het geweldige sukses by hom behaal. Ek was 'n junior en al die prestasies wat ek daardie tyd behaal het was deur hom. By hom het dit definitief gegaan oor wen en oor tye hardloop. Dis hoe hy dit gemeet het. Die sukses van sy groep het hy homself gemeet. Na hom het ek 'n afrigter gehad, dis toe ek teruggekom het van Amerika af. Hy was ook die afrigter van ander internasionale atlete en met hom omdat hy gewoon was aan internasionale kompetisie was dit ook baie gegaan oor tye en oor wen. By hom het ek die SA Landlooptitel gewen, maar by die ander afrigter het ek baie meer reggekry tye en titels. Ons het 'n afrigter gehad daar (in Amerika). Met hom was sukses definitief wen, tye hardloop en prestasies behaal. Baie erger as my ander 2 afrigters. Want in Amerika was sy werk op die spel. 'n Afrigter kry 2 jaar om sy staal te wys met sy atlete as hy nie 'perform' nie, as sy universiteit nie goed doen nie word hy onmiddellik afgedank."*

Subjek 3: *"Ek het ('n afrigter) gehad wat net wou gehad het ek moet wen. Ek was goed met tennis. Op die ou end was dit waarom ek dit gelos het. Hy het begin 'heavy tense' raak."*

Subjek 4: *"Toe ek klein was het ek geskaats en alles reg probeer doen, omdat ek vrek bang"*



was vir my afrigter. Jy probeer alles reg doen, omdat jy dit kan doen en omdat jy nie raas wil kry by die afrigter nie. Dit was so tot ek 18 jaar oud was. Ek was baie uitkomsgeoriënteerd. Ek het baie deurmekaar geraak oor my sport en nie kop of stert geweet wat ek nou moet doen nie. Ek wou net huil en sukses bereik, maar ek het nie geweet hoe nie. Ek het nie eers geweet hoe om doelwitte te stel nie. Dit was 'n krisisstadium in my sportloopbaan. My afrigter was baie prominent in my loopbaan. Wen was vir hom baie belangrik. Sy reputasie was op die spel. Hy het baie kwaad geraak as jy iets fout doen."

Subjek 5: *"Die meeste afrigters, behalwe my huidige een was meer ingestel op die geld wat ek hulle betaal het. Ek dink nie hulle was baie geïnteresseerd in my nie."*

Bespreking van die onderhouddata

Afrigters rig af om te wen en daarom kan hulle maklik 'n ego klimaat vestig. Le Unes en Nation (1989), asook White (1996) sê dat die afrigter een van die hoofkarakters in die ontwikkeling van die doelorïentering van die sportdeelnemer is. Die afrigter kan maklik sy belange eerste stel en dan begin die kind speel vir die afrigter en ervaar druk om te presteer. Hierdie druk om te wen en vir die afrigter deel te neem, neem die fokus van die kind af en sy doelwitte en behoeftes vervaag. Dit wil voorkom of hierdie ingesteldheid verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ego oriëntering. Die kind moet deelneem vir homself en nie om die afrigter te beïndruk nie. Hulle moet sportdeelname geniet en saamwerk om die deelnemer te ontwikkel en sy belange eerste te stel.

INTRAPERSONLIKE VERHOUDING (SELFKONSEP) VAN DIE SPORTDEELNEMER

Intrapersoonlike verhouding is die deelnemer se verhouding met homself in die breë sin. Dit sluit selfbeeld, selfwaarde en selfpersepsie in. Die onderhoude het bepaalde aspekte rondom die ontwikkeling van die sportdeelnemer se selfkonsep navore gebring.

Die invloed van ouers op die intrapersoonlike verhouding van sportdeelnemer

Subjek 4: *"Ek dink partykeer sy (my ma) is te 'bias'. Sy is te maklik trots. Sy spog sommer met my oor iets wat ek nie gedink het is so goed nie. Sy het altyd gesê ek moet net een keer*



vir haar SA's wen, maar ek het dit nog nie reggekry nie. Toe ek die dag graad kry het sy gesê dit beteken vir haar meer as wat ek tien SA's gewen het. Ek dink hy (my pa) is nogal baie trots. As hulle dink die skeidsregters het iemand te hoog punte gegee het hulle dit vir my gesê, maar nooit buite die huis gevat nie. Ek kan dit nie verstaan nie, as ek nie gewen het die dag nie, ons ry weg by die kompetisie en ek is so depressief, ek het sleg gedoen, hulle gaan aan asof dit niks is nie. Asof ons 'n flik gaan kyk het. Hulle was altyd dieselfde."

Subjek 6: "As ek by die huis kom en ek het verloor sal hy vir my sê, jy het goed gestoei, maar jy kon gewen het. Hy het nie 'n probleem dat ek verloor het nie, maar hy het baie die aspek van elke pa dink sy kind is 'n arend, maar eintlik is dit 'n volstruis. Elke pa dink sy kind kan wen. My pa is baie so. Volgens hom kan ek nie 'n wedstryd verloor nie."

Bespreking van die onderhouddata

Die sportdeelnemer wil hê dat ouers trots moet wees op hom. Ouers wat aan die deelnemer sê dat hulle trots is op hom, sal hom laat voel asof hy iets beteken al wen hy nie elke keer nie. Howes (1987) meen dat ouers veral belangrik is in die ontwikkeling van die intrapersoonlike verhouding van die sportdeelnemer/kind deur hul liefde, vertroue en aanvaarding.

Kinders sal hul sport geniet as hulle weet dat hul ouers hul ondersteun ongeag of hulle wen of verloor, solank hulle net hul beste doen.

Die invloed van die afrigter op die intrapersoonlike verhouding van die sportdeelnemer

Subjek 4: "Dit was soms 'n verleentheid om deur hom afgerig te word, veral by kompetisies. Hy het my soms vir weke nie gegroet nie. Dit het my laat voel asof ek so patetiese persoon is dat hy my nie eers wil groet nie. Hy was elke jaar by my by SA's. Een jaar 'n week voor die tyd sê hy vir my dat hy nie hierdie jaar gaan bywoon nie. Ek was eers geskok, maar toe skaats ek die beste in die eerste rondte wat ek nog ooit geskaats het. Toe hy dit hoor daag hy skielik die volgende dag op, asof niks gebeur het nie. Ek het toe maar 'n baie gemiddelde kompetisie verder gehad. Ek was net op pad om die beste kompetisie van my lewe te skaats. Daarna het ek weggegaan by hom."

Bespreking van die onderhouddata

Die selfkonsep van die sportdeelnemer word ontwikkel deur die persepsie van

evaluasie van belangrike ander persone in hul omgewing (Wayda, 1999). Indien die deelnemer dus ervaar dat die afrigter van hom hou en sy optrede goedkeur, behoort dit tot 'n verbeterde selfkonsep te lei.

Die invloed van sportprestasie op die intrapersoonlike verhouding van die sportdeelnemer

Die volgende informasie in terme van sportprestasie en intrapersoonlike verhouding het uit die onderhoud gekom.

Subjek 1: *“Ek dink vandat ek hierdie benadering (taakoriëntering) het is ek 'n baie rustiger mens. My verhouding met mense naby my is dit baie makliker.”*

Subjek 3: *“Ja 'obviously', 'n ou voel beter (as jy wen). As ek verloor gaan ek nie noodwendig sleg voel oor myself nie. Dit gaan oor of ek bereik het wat ek wou bereik het. As ek my doelwitte bereik het is ek 'happy', gee nie om waar ek eindig nie. Op skool besef jy nie waaroor dit gaan nie en wen is vir jou belangriker.”*

Subjek 5: *“Dit (wen) voel goed. As jy verloor voel jy sleg. As jy jou eerste rondte wen, maar sleg speel benadeel dit jou hele toernooi. Ek kan myself nie oplik as ek af is nie.”*

Subjek 6: *“Ja, ek is baie krities op myself. Ek kan myself ongelooflik uithaal as ek verloor het. As ek dan terugdink later sal ek beter voel as ek my doelwitte bereik het. Dan gaan ek terug na 'square one' en begin weer harder oefen.”*

Subjek 7: *“ 'Obviously' is dit 'n 'let down' (as jy verloor het), maar dit hang af hoe jy gespeel het. Om te wen teen 'n swak span is ook nie so 'great' nie. Jy gaan net reguit deur, dis nie 'n uitdaging nie. As jy nie jou doelwitte bereik nie al wen jy voel jy nie goed nie. Jy voel 'down', maar dit is dan vir my belangrik om te sit en te analiseer. Jy is teleurgesteld, maar jy sit nie in sak en as nie.”*

Bespreking van die onderhouddata

Om te wen is altyd lekker en laat die sportdeelnemer goed voel oor homself, maar om te verloor moet nie sy selfbeeld en selfvertroue benadeel nie. Lawrence (2000) definieer selfkonsep as die individu se belewenis van fisieke en psigiese eienskappe. Goeie prestasie versterk dus selfkonsep, maar as hy nie presteer nie moet dit hom nie nadelig beïnvloed nie.

INTEGRASIE VAN DIE ONDERHOUD MET DIE VRAELYS

Elke deelnemer moes na afloop van die onderhoud die vraelys soos gebruik in die kwantitatiewe deel van die studie, invul. Dit is gedoen om die onderhoud te valideer en te korreleer met die resultate van die vraelys en dien as versterking van die geldigheid van die toetse. Vervolgens 'n kort bespreking van die resultate van elke subjek se vraelys en die integrasie daarvan met die onderhoud.

Tabel 10: Resultate van die vraelyste van onderhoud subjekte

	Maks.	Subjek 1	Subjek 2	Subjek 3	Subjek 4	Subjek 5	Subjek 6	Subjek 7
Taakoriëntering deelnemer	35	35	31	29	35	30	34	32
Ego oriëntering deelnemer	30	7	22	19	8	24	18	14
Taakoriëntering pa	35	15	29	24	35	18	25	28
Ego oriëntering pa	30	24	21	22	11	15	22	14
Taakoriëntering ma	35	19	27	28	35	25	28	31
Ego oriëntering ma	30	25	23	21	14	18	23	22
Taakoriëntering afrigter	35	27	30	21	28	23	32	33
Ego oriëntering afrigter	30	26	29	16	27	19	26	20
Verhouding met self	150	117	123	112	133	113	110	110
Verhouding met pa	150	100	136	92	120	133	104	110
Verhouding met ma	150	97	109	117	122	134	112	109
Verhouding met afrigter	150	112	95	83	99	126	125	118

Subjek 1

Hierdie persoon is baie hoog in taak- en laag in ego oriëntering. Sy ouers is laag in taak- en hoog in ego oriëntering. Dit kom voor in die onderhoud sowel as deur die vraelys. Hy het op skool nie geboks nie en erken dat hy baie ego gerig was. Hy wou nie kompeteer in sport nie, omdat hy nie baie suksesvol was nie. Hy was egogeorieënteed deur invloede van sy ouers en ook vanweë die skool se invloed wat baie wengeorieënteed was. Sy ouers wou nooit toelaat dat hy boks nie en hy het 'n geweldige liefde vir boks op sy eie begin ontwikkel. Daar was nooit enige druk op hom om te presteer in boks nie. Hy het begin boks en was suksesvol as amateur en het toe professioneel begin waar hy aanvanklik nie baie suksesvol was nie en eintlik besluit het om op te hou met boks. Op daardie stadium het hy begin wonder wat belangrik was vir homself en besef dat hy wou boks vir niemand anders behalwe

homself nie. Deur in hierdie fase van ego- na taakoriëntering te skuif het hy verseker dat hy weer begin boks het en sedertdien nog nie 'n geveg verloor het nie. Subjek 1 het 'n goeie verhouding met homself en ook met sy afrigter. Hy kom goed oor die weg met sy ouers, maar sien hulle nie as sterk rolspelers in sy sport nie. Die resultate van die vraelys en die onderhoud stem baie goed ooreen op al die aspekte wat ondersoek is.

Subjek 2

Hierdie persoon is egogeorienteerd en ervaar ook sy ouers en afrigter as egogeorienteerd. Hy het nog altyd deelgeneem vir erkenning en gevoel hy moet presteer vir ander mense, veral vir sy ouers en afrigter. Sy pa het hom elke oggend wakker gemaak en saam met hom gaan oefen. Hy is 'n baie talentvolle atleet, maar oormatig bewus van sy opponente. Hy was altyd gewoond aan wen, toe hy oorsee gaan deelneem kon hy nie aanvaar dat hy begin tweede en derde eindig nie. Hy is bang om sy beste te gee en steeds te verloor. Hy is nie so suksesvol as wat almal verwag het hy gaan wees nie en is nie tevrede met wat hy in sy sport bereik het nie. Hy is moontlik ego gerig, omdat hy altyd gewen het as kind en ervaar het dat sy ouers en afrigter dit van hom verwag. Hy het nooit geleer verloor nie en doelwitte vir vordering gestel nie. Wen was en is steeds allesoorheersend.

Hy het 'n goeie verhouding met homself en sy pa en 'n minder goeie verhouding met sy ma en 'n baie swak verhouding met sy afrigter. Die resultate van die vraelys stem baie goed met die bevindinge van die onderhoud ooreen.

Subjek 3

Subjek 3 is hoog in taakoriëntering. Hy ervaar sy pa as ego gerig en sy ma as baie taakgerig. Hy het deur op sy ma te fokus geleer dat deelname belangriker as prestasie is. Omdat wen vir sy pa baie belangrik was, het hy meer op sy ma vir ondersteuning en terugvoer gesteun. Sy afrigter was ego gerig en hy het geleer om nie te veel op

hom te fokus nie, omdat wen ook vir hom oormatig belangrik was.

Subjek 3 het 'n baie goeie verhouding met homself en kom beter oor die weg met sy ma as met sy pa. Hy is gemaklik oor homself en tevrede met wat hy sover in sy lewe bereik het. Hierdie bevindinge word deur beide die vraelys en die onderhoud geïllustreer.

Subjek 4

Subjek 4 is baie taakgeoriënteerd en dit is waarskynlik gevorm deur haar ouers wat sy ook as taakgeoriënteerd ervaar. Hulle ondersteun haar in alles wat sy doen en is baie trots op haar ongeag of sy wen of verloor. Haar vorige afrigter was egter baie ego gerig en dit het baie konflik by haar laat ontstaan. Sy het toe na 'n ander afrigter gegaan waar sy baie gelukkiger is. Sy doen die sport vir haarself, omdat sy dit geniet en wil niemand probeer beïndruk nie.

Sy het 'n baie goeie verhouding met haarself en met haar ouers. Die verhouding met haar vorige afrigter was baie negatief en destruktief, soveel so, dat sy sleg begin voel het oor haarself. By die nuwe afrigter is sy baie gelukkig en kom baie goed klaar met haar. Daar is weer gevind dat die vraelys en onderhoudresultate mekaar komplimenteer.

Subjek 5

Hierdie persoon is uiters egogeorieënteerd, maar ervaar nie sy ouers of afrigter as baie ego gerig nie. 'n Moontlike verklaring vir die ontwikkeling van ego oriëntering is omdat sy ouers so baie finansieel vir hom doen in sy sport en hy dan dink dat hulle prestasie terug verwag. Hulle sê dit nie vir hom nie, maar dink tog dat hy moet presteer om hulle terug te betaal. Hy wil te veel te vinnig bereik sonder om te hard te probeer (uitkomsgerig). Hy sê dat sy ouers nie kan verstaan waarom hy nie presteer aangesien hulle glo dat hy beter kan doen. Dit plaas onnodige prestasiedruk op hom.

Hierdie persoon het 'n swak verhouding met homself en ervaar homself as gebrekkig teenoor sy ouers en afrigter. Hy dink hy stel almal teleur. Hy het nou 'n nuwe afrigter met wie hy goed oor die weg kom. Hierdie wedersydse respek en konstruktiewe verhouding kan moontlik na 'n konstruktiewe doeloriëntering lei. Die resultate van die vraelys stem baie goed ooreen met die informasie wat uit die onderhoud verkry is.

Subjek 6

Hierdie persoon is tans taakgeoriënteerd, maar aanduidings is dat hy vir 'n lang tyd egogeoriënteerd was. Hy erken dat hy enige iets sou doen om te wen en dat hy soms onsportiewe gedrag openbaar het om te wen en vir ander te wys. Hy ervaar sy ouers hoog in ego oriëntering. Die feit dat sy pa hom baie rondgery het, 'n beampte in die sport was en baie betrokke was kon aanleiding gee daartoe dat hy druk ervaar het om te wen. Sy ma het ook altyd verwag dat hy met 'n medalje huis toe moet kom. Na skool het hy self besef dat wen nie alles is nie en omdat sy ouers toe minder betrokke was, het hy self meer taakgerig geraak. Hy ervaar sy afrigter as baie taakgerig en dit is moontlik dat die afrigter na skool 'n groter invloed op hom gehad het toe sy ouers minder betrokke geraak het.

Hy het 'n goeie verhouding met homself, sy ma en sy afrigter en 'n minder goeie verhouding met sy pa. Dit is moontlik dat sy pa se oormatige betrokkenheid 'n negatiewe invloed gehad het. Weer stem die bevindinge van die vraelys en onderhoud baie nou ooreen.

Subjek 7

Hierdie persoon is baie hoog in taakoriëntering. Resultate van die vraelys en die onderhoud dui daarop dat sy haar ouers en afrigter ook as baie taakgeoriënteerd ervaar. As kind het haar ouers haar ondersteun, maar was nie baie betrokke by haar sport nie.

Sy het dus deelgeneem omdat dit vir haar lekker was en sy dit self wou doen sonder enige druk. Haar afrigters het ook nie oormatige druk op haar geplaas om te presteer nie. Na skool het sy vir 'n aantal jare net sosiaal deelgeneem aan sport en eers later weer kompetend geraak, omdat sy besluit het dit is wat sy wou doen. Op daardie stadium was sy ouer en reeds gevestig in haar persoonlikheid en beroep.

Sy het 'n goeie verhouding met haarself, haar ouers en haar afrigter. Dit word bewys deur die vraelys en die onderhoud.

SAMEVATTING

Hierdie deel van die studie het gevind dat die vraelys korreleer feitlik 100% met informasie wat uit die onderhoude van elke deelnemer verkry is. Die vraelys kan dus gebruik word om die onderhoud te ondersteun en te verifieer en kan ook as 'n kortpad gebruik word om sportdeelnemers se doeloriëntering, intra- en interpersoonlike verhoudinge te bepaal.

HOOFSTUK SES

ALGEMENE BESPREGING


In enige studie van hierdie aard tree bepaalde bevindinge en verbande navore wat uniek is en nie van tevore ondersoek of gedokumenteer is nie. Dit is nodig dat hierdie kategorieë en patrone wat in die navorsingsdata ontwikkel het en so duidelik sigbaar blyk te wees, deur die navorser bevraagteken moet word (Marshall & Rossman, 1995). Dit word gedoen om alternatiewe verklarings te ondersoek en te oorweeg om sodoende te kan demonstreer waarom die bepaalde uitkoms en slotsom wat bereik is die mees aanvaarbare is. Die uitkomste van hierdie studie word vervolgens aan die hand van 'n model beredeneer.

MODEL VAN INTERAKSIE

Definisie en rol van 'n model

'n Model is 'n samestelling van teoretiese verhoudinge tussen die onderskeie elemente of fasette van 'n objek wat bestudeer word (Huse & Bowdith in Botha, Celliers, Van Zyl & Vermeulen, 1994). Die model is 'n voorstelling van die werklikheid en het ten doel om die gebruiker in staat te stel om bepaalde afleidings ten opsigte van die werklikheid te maak. Die model se taak is nie om reeds geformuleerde besluite of oplossings te verskaf wat persone in staat stel om 'n probleem of situasie op te los nie, maar bied slegs sekere riglyne wat as basis dien vir die neem van besluite (Botha *et al.*, 1994).

Model 1: Model van interaksie tussen doeloriëntering, intra- en interpersoonlike verhoudinge van die sportdeelnemer in die sportdriehoek



Die invloed van ouers en afrigter op die vorming van die doeloriëntering van die sportdeelnemer

Hierdie studie het in beide die kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsresultate duidelik gevind dat die persepsie wat die sportdeelnemer het van die doeloriëntering van sy pa, ma en afrigter, ooreenstem met sy eie doeloriëntering. Hierdie primêre figure in die sportdeelnemer se lewe word dus as rolmodelle gesien en die deelnemer aanvaar een of meer van hulle se manier om sukses te verklaar in sport. Die

bestudering van verwante bronne in hoofstuk twee het soortgelyke resultate aangedui. Die waarde van hierdie studie lê egter nie daarin om bloot hierdie bevindinge weer te bevestig nie, maar in die dieper ontleding van die dinamika wat met hierdie verskynsel gepaard gaan.

Die statistiek in die eerste deel van die studie bewys dat daar 'n verband is tussen hierdie konstrukte, maar dui nie die rigting aan nie. Die vraag is dus, word die sportdeelnemer se doeloriëntering bepaal deur die insette van ouers en afrigters, of bepaal die insette van die sportdeelnemer die doeloriëntering van die ouers en afrigters? Volgens die onderhouddata is dit duidelik dat die grootste insette van die ouers en afrigter se kant na die sportdeelnemer is. Dit is egter ook mootlik dat hierdie verhouding terugwerkend kan wees. Hierdie terugwerkende reaksie is nie bewys in die navorsing nie, maar die moontlikheid hiervan word nie ontken nie.

Dit wil voorkom of die sportdeelnemer een van die persone in sy omgewing kies om as rolmodel te gebruik om op te fokus in terme van doeloriëntering. Subjek 1 sê die volgende:

“My pa is 100% wen of los dit. As ek nie gewen het nie het hy gestres. Hy het gesê mens moet of wen of dit los. My ma was weer die ander een. Sy het gesê jy moet net gaan deelneem en dit geniet. As jy dit geniet, dit is al waaroor dit gaan. Dit gaan nie oor hoeveelste jy kom nie. Op die ou einde was sy meer betrokke as my pa, want hy het nie daarvan gehou as ek verloor nie. Ek het meer op my ma gefokus.”

Vervolgens word voorstelle gemaak hoe die doeloriëntering van die sportdeelnemer deur die doeloriëntering van sy ouers en afrigter beïnvloed word.

Ontwikkeling van vaardighede

Die sportklimaat moet die ontwikkeling van vaardighede bevorder eerder as om wen ten alle koste te beklemtoon. Ouers en afrigters moet die persepsie vestig dat

deelnemers suksesvol is, indien hulle hard probeer en persoonlik verbeter, eerder as om altyd te wen en beter te wees as die opponente. Sportdeelnemers moet van vroeg af leer dat wen net die kersie op die koek is en die resultaat is van 'n proses wat reg verloop.

Totale menslike ontwikkeling

Ouers en afrigters moet belangstel in die sportdeelnemer as persoon en ook in aktiwiteite wat die deelnemer besig is mee buite sportverband. Die totale ontwikkeling as mens in die groter prentjie van die lewe moet beklemtoon word. Die deelnemer moet geleer word dat die proses net so belangrik as die kompetisie is. Die uniekheid van elke kind moet deur die ouers en afrigter in sport beklemtoon word. Die sportdeelnemer moet sy sportaanleg en vermoëns as onvergelykbaar beleef en sy eiesoortigheid moet vir hom 'n geleentheid in plaas van 'n verleentheid word. Die deelnemer moet sport sien as 'n middel om meer van homself en van die sport te leer.

Deelname en genot

Dit is belangrik vir ouers en afrigters om deelname ongeag van prestasie te beloon. Sportdeelname moet genotvol wees vir die deelnemer en hy moet weet dat sy ouers en afrigter trots is op hom as hy sy beste doen wat hy kan. Hulle moet hom ondersteun na die strewe om die beste te word wat hy kan word. Sport moet nie as 'n middel tot 'n doel gesien word nie. Die begeerte vir die sporttaak moet groter gemaak word as die begeerte vir die uitkoms. Die ouers en afrigter kan dit doen deur meer aandag aan taak- as uitkomsdoelwitte te skenk.

Doelwitstelling

Deur saam met die sportdeelnemer te sit en lang- en korttermyn doelwitte neer te skryf, fokus die ouers en afrigter op die proses en om stappe van vordering en sukses te ervaar. Dit is belangrik dat die deelnemer self die sukses van die doelwitte moet kan

bepaal en dat dit verkieslik taakgerigte doelwitte moet wees. Doelwitte wat op persoonlike inspanning en bemeestering fokus, kan die deelnemer help om die proses van deelname te verfyn en die pad van selfbemeestering te kan loop.

Indien kinders beloon word vir hul pogings, word 'n taakgeoriënteerde sportklimaat geskep. By kinders wat slegs vir beter prestasie beloon word in vergelyking met ander deelnemers, word die wenmotief oorbeklemtoon en foute word as negatief ervaar. So word 'n meer egogeorieënteerde klimaat bevorder.

Die vestiging van 'n ego oriënteringsklimaat word aangehelp wanneer die ouers en afrigter oormatig fokus op wen ten alle koste. Dit gebeur omdat die deelnemer ervaar dat wen die enigste maatstaf vir sukses is, ongeag of hy verbeter het en goeie vordering toon. Dit is normaal vir enige sportdeelnemer om te wil teruggee vir tyd en geld wat ouers en afrigters op hom spandeer. Indien die deelnemer ervaar dat hy hulle moet terugbetaal deur te presteer, plaas dit druk op hom en dit kan lei tot egogeorieënteerde gedrag. Ouers wat baie tyd en geld spandeer in die sportloopbane van hul kinders moet dit duidelik stel dat hulle dit doen uit liefde en niks terug verwag nie.

Die invloed van ouers en afrigter (interpersoonlike verhoudinge) op die vorming van die sportdeelnemer se selfkonsep (intrapersoonlike verhouding)

Dit is belangrik dat die sportomgewing geken word deur positiewe interpersoonlike verhoudinge as essensiële bydraende faktore tot 'n positiewe selfkonsep en meegaande sukses op die sportveld. Daar is gevind dat vir die taakgeoriënteerde deelnemer, sportsukses die selfkonsep versterk, maar dat 'n verloorsituasie nie noodwendig die selfkonsep skade doen, indien die atleet sy doelwitte bereik het nie. Die egogeorieënteerde deelnemer kan moontlik 'n negatiewe selfkonsep verkry indien hy nie wen nie, aangesien wen die enigste maatstaf vir die bereiking van sukses is.

Dit lyk asof die positiewe belewenis van die verhoudinge met andere lei tot 'n

positiewe selfkonsep by die sportdeelnemer. Dit kan ook wees dat 'n positiewe belewenis van die self tot 'n positiewe ervaring van andere lei. As die individu krities is op homself, is die kans goed dat hy ook krities op ander mense sal wees.

Die verband tussen die doeloriëntering en selfkonsep van die sportdeelnemer

Hierdie studie kon nie in die kwantitatiewe- of kwalitatiewe deel van die navorsing 'n beduidende verband tussen doeloriëntering en die intrapersoonlike klimaat van die sportdeelnemer vind nie. Volgens die kwantitatiewe navorsingsresultate is daar wel 'n verband, alhoewel dit nie statisties beduidend is nie. As 'n mens logies na die verskil tussen taak- en ego oriëntering kyk, maak dit meer sin om te sê dat die taakgerigte deelnemer se kans vir 'n positiewe selfbeeld groter is. Die rede hiervoor is moontlik dat die taakgerigte persoon gedurig sy doelwitte bereik en positiewe terugvoer ervaar en daarom beter oor homself voel.

Hierdie verhouding is waarskynlik wedersyds aangesien doeloriëntering selfkonsep kan beïnvloed, maar selfkonsep heel moontlik ook doeloriëntering kan beïnvloed. Daar is egter verdere navorsing op hierdie gebied nodig.

Selfbemeestering

Selfaktualisering verwys na die verwesenliking van 'n mens se potensiaal (Potgieter, 1997). Die sportdeelnemer het die geleentheid om deur sport hierdie menslike behoefte maksimaal te ontwikkel. Dit is die ideaal wat nagestreef word. Selfbemeestering word gesien dieselfde as selfaktualisering in Maslow se hiërargie van behoeftes, waar die sportpersoon volwassenheid bereik en die beste word wat hy kan wees. Die sportdeelnemer se doeloriëntering en selfkonsep speel beide 'n rol in die bereiking van selfbemeestering. Dit is 'n proses wat gedurig onderhou, versterk en aangepas moet word aangesien dit gedurig verander soos wat doelwitte bereik word.

Indien die sportdeelnemer selfbemeestering bereik het, werk dit ook terug en sal hy

dan weer sy ouers en afrigter positief beïnvloed. Hierdie model stel voor dat daar 'n positiewe versterkende sirkel bestaan waar die deelnemer weer deur positiewe insette van die ouers en afrigters versterk word.

Hierdie studie het insig verskaf waarom en hoe ouers en afrigters die doeloriënteringsklimaat by sportdeelnemers vestig. Dit is belangrik nie net vir beter sportprestasie nie, maar ook vir die langtermynvoordele in die totale ontwikkeling van daardie persoon. Dit is die oortuiging van die navorser dat taakoriëntering en 'n positiewe selfkonsep die sportdeelnemer tot selfbemeestering en die bereiking van selfaktualisering en volwassenheid kan help.

Transformasiefiguur

Die sportdeelnemer wat taakgeoriënteerd is en tevrede met homself voel sal dan ontwikkel in 'n soort van 'n transformasiefiguur in 'n omgewing wat verskillend is van hierdie nuwe ingesteldheid. Hierdie persoon breek weg en verander die ego klimaat en word as't ware 'n ligpunt vir homself en ander mense in sy omgewing. Sy optredes en gedrag werk dan baie sterk terug na sy ouers en afrigter wat dan hierdeur aangeraak word en moontlik self hul ingesteldheid kan verander.

Die transformasie begin wanneer die sportdeelnemer besef dat hy nie wil wees soos wat hy is (egogeoriënteerd) nie. Hy begin om homself te heroriënteer deur by andere te leer waarvan hy hou en net te gebruik wat positief is. Deur hierdie nuwe ingesteldheid lei hy self 'n baie meer sinvolle lewe en beïnvloed die mense rondom hom positief en leer hulle ook om tevrede te wees en in die hier en die nou te lewe. Hierdie transformasieproses kan op dieselfde manier die interpersoonlike verhoudinge tussen die sportdeelnemer, ouers en afrigter verander. Subjek 1 sê die volgende:

“Ek dink vandat ek hierdie benadering het (taakoriëntering) is ek 'n baie rustiger mens. My verhouding met mense naby my is baie makliker.”

DIE KRUISPADTEORIE VAN DOELORIËTERING

Die volgende teorie word voorgestel uit die bevindinge van die navorsing. Die meeste sportdeelnemers kom een of ander stadium van hul sportloopbaan by 'n kruispad te staan en die taak- of ego oriëntasie perspektief wat op daardie stadium openbaar word, sal dan die besluite wat geneem word vir die loopbaan, verder bepaal. Die kruispad kan wees die keuse tussen twee of meer sportsoorte, die keuse om voort te gaan of op te hou met sportdeelname, die keuse of die sport professioneel beoefen gaan word, en so meer. Die persoon met 'n taakgeoriënteerde ingesteldheid sal besluite neem deur te fokus op die genot verkry uit sport, persoonlike vordering en die bereiking van persoonlike doelwitte, terwyl die egogeorieënteerde persoon besluite sal baseer op die moontlikheid van wen en eksterne faktore soos geld, roem en sosiale aanvaarding.

Subjek 1 was egogeorieënteerd toe hy by sy kruispad gekom het. Hy het begin dink dat hy nie goed genoeg is om professioneel te boks nie en het opgehou vir 'n tyd. Hy het toe besef dat hy wil boks vir homself en die liefde van die sport en 'n meer taakgeoriënteerde instelling begin kry. Hy het weer begin boks waarna hy die wêreldtitel gewen het. Indien hy ego gerig gebly het sou hy heel waarskynlik nie weer begin boks het nie.

Subjek 2 was egogeorieënteerd en sy kruispad het gekom toe hy oorsee gaan deelneem het. Hy het teen die beste atlete in die wêreld deelgeneem en vir die eerste keer in sy lewe het ander atlete hom begin wen. Omdat hy ego gerig was, het hy vertroue in homself begin verloor en kon hy nie oorsakel na taakoriëntering nie. Hy het tot op die huidige oomblik nie die sukses bereik waartoe hy instaat was nie. Indien hy 'n taakgeoriënteerde ingesteldheid kon aanleer gedurende hierdie tyd, sou hy waarskynlik kon fokus op die feit dat hy teen die beste atlete in die wêreld deelneem en steeds tweede en derde gekom het en soms selfs gewen het. Deur die korrekte, taakgerigte doelwitte te stel sou hy kon fokus op klein stappe van vordering, om sodoende sy motivering en geloof in homself te kon herstel en te behou.

VOORDELE VAN TAAKORIËNTERING

Dit is geen maklike taak om taakoriëntering aan te leer wat die ego kan oorskadu nie. Die sportdeelnemer moet besef dat dit 'n daaglikse proses van volharding en suiwering vereis. Dit is daarom nodig vir ouers en afrigters om die voordele wat die taakoriënteringsklimaat inhou duidelik vir die deelnemer uit te spel. Vervolgens word 'n kort opsomming gemaak wat die verskille tussen taak- en ego oriëntering kontrasteer. Die bekende skrywer Pirsig (1974) tref insiggewende verskille tussen taak en ego oriëntering. Die hele teks word aangehaal met die doel om die bespreking daarvan te vergemaklik.

Pirsig (1974) sê die volgende:

“Phaedrus wrote a letter from India about a pilgrimage to holy Mount Kailas, the source of the Ganges and the abode of Shiva, high in the Himalayas, in the company of a holy man and his adherents. He never reached the mountain. After the third day he gave up, exhausted, and the pilgrimage went on without him. He said he had the physical strength but that physical strength wasn't enough. He had the intellectual motivation but that wasn't enough either. He didn't think he had been arrogant but thought that he undertook the pilgrimage to broaden his experience, to gain understanding for himself. He was trying to use the mountain for his own purposes and the pilgrimage too. He regarded himself as the fixed entity, not the pilgrimage or the mountain, and thus wasn't ready for it. He speculated that the other pilgrims, the ones who reached the mountain, probably sensed holiness of the mountain so intensely that each footstep was an act of devotion, an act of submission to this holiness. The holiness of the mountain infused into their own spirits enabled them to endure far more than anything he, with his greater physical strength, could take.

To the untrained eye ego-climbing and selfless climbing may appear identical. Both kinds of climbers place one foot in front of the other. Both stop when tired. Both go forward when rested. But what a difference! The ego-climber is like an instrument

that's out of adjustment. He puts his foot down an instant too soon or too late. He's likely to miss a beautiful passage of sunlight through the trees. He goes on when the sloppiness of his step shows he's tired. He rests at odd times. He looks up the trail trying to see what's ahead even when he knows what's ahead because he just looked a second before. He goes too fast or too slow for the conditions and when he talks his talk is forever about somewhere else, something else." (p. 205).

Phaedrus het genoeg motivering gehad om die tog te voltooi, maar dit was motivering om die situasie vir sy eie gewin te gebruik en het dit as 'n middel tot 'n doel gesien (kerneienskap van die ego). Op die oogaf wil dit voorkom dat ego oriëntering (ego climbing) en taakoriëntering (selfless climbing) dieselfde is. Die groot verskil is dat die ego nie die oomblik geniet nie, onsensitief is teenoor homself en nie na homself luister nie.

Die ego kyk na niks om hom nie, geniet nie die oomblik nie en sy oë is net op die wenstreep gerig. Hy het nie kontak met die omgewing nie. Hierdie persoon kan nie in die hier en die nou lewe nie, omdat hy ongelukkig met homself is en homself nie aanvaar nie. Hy aanvaar nie homself en sy omgewing nie en is gedurig in kompetisie daarmee. Alles wat hy doen is inspanning, alles kom van buite af.

Die uitkoms word verkeerdlik verhef tot 'n lewensdoel in stede daarvan dat die uitkoms 'n spontane byproduk van 'n sinvolle en vreugdevolle lewe is. Deur liefdeloosheid vir die lewenstake jaag die mens deur sy lewe op soek na uitkomste en resultate (Steyn, 1999). So word alledaagse lewenstake as 'n middel tot 'n doel gesien, omdat die begeerte na die taak self in so 'n mate gekwyn het dat slegs die begeerte vir uitkomstes oorbly. Die oerbeginsel van spel is om die taak te doen ter wille van die doen daarvan, of eerder uit die liefde daarvan en nie soseer wat jy daarmee kan bereik nie (Versfeld, 1968).

Opsompend word die volgende voordele met 'n taakgeoriënteerde benadering in sport geassosieer:

- 'n Taakgeoriënteerde sportdeelnemer demonstreer 'n hoër en meer onderhoubare vlak van motivering.
- 'n Taakgeoriënteerde sportdeelnemer het superior konsentrasievlakke.
- 'n Taakgeoriënteerde sportdeelnemer is bereid om meer risiko's in sport te neem terwyl die egogeorieënteerde deelnemer sy ego beskerm en minder risiko's neem in sport.
- Egooriëntering korreleer positief met die etiese probleme van sport (buig van spelreëls en aggressie).
- 'n Taakgeoriënteerde deelnemer openbaar minder disfunksionele gedrag (byvoorbeeld humeur-uitbarstings).
- 'n Taakgeoriënteerde deelnemer ervaar effektiewe interpersoonlike verhoudinge en is 'n beter spanspeler as die egogeorieënteerde deelnemer.
- Taakoriëntering lei tot verhoogde inspanning in die sporttaak.

SAMEVATTENDE OPMERKING

Die resultate van hierdie studie demonstreer duidelik die kragtige invloed wat ouers en afrigters het op die vorming van die doeloriëntering en intrapersoonlike verhouding van die sportdeelnemer. Die deelnemer se suksesse en prestasies in kompeterende sport is nie net die resultaat van fisieke vaardighede nie, maar word beduidend deur die insette van hierdie belangrike ander persone (ouers en afrigters) beïnvloed. Ouers en afrigters moet deur sport die sportdeelnemer tot taakoriëntering lei en die bereiking van selfbemeestering waar die individu volwassenheid bereik en homself aanvaar soos wat hy is. Versfeld (1985b) sê dat ons nie teen die mees fundamentele beginsel van realiteit moet veg nie, naamlik alles is wat dit is. Hy stel dit soos volg:

“A stone is a stone and not a cabbage; a cabbage is a cabbage and not a king; an hour is an hour and not a day” (p. 44).

Elke sportdeelnemer behoort daarna te streef om te ontwikkel tot die beste wat hy kan wees en besef wanneer hy sy potensiaal bereik het. As dit sy potensiaal is om internasionaal, provinsiaal of op klubvlak deel te neem moet hy voel dat hy bereik het wat hy in staat was om te bereik, en tevrede wees daarmee. Dit kom met 'n besef van realiteit van wie hy is en wat sy potensiaal is. Alleen as hy hierdie volwassenheid bereik het, sal dit oordra tot die res van sy lewe en sal hy werklik met homself tevrede voel. Dan sal die persoon homself elke dag geniet en tevrede voel om in die hier en nou te leef.

Om vreugde te vind in jou eie wese is miskien een van die hoogste sielkundige doelwitte wat die mens kan bereik. Hierdie vreugde vind in die self is ook die voorwaarde vir die waardering en vreugde vind in ander mense.

Versfeld (1985b) stel dit soos volg:

"We are always surrendering today to tomorrow, the enjoyment the present to some future enjoyment. And, of course in the uncertain event of our achieving tomorrow's enjoyment, we will poison it in the same way. We will want it to be something else" (p. 44).

Pirsig (1974) sê die volgende:

"He's here, but he's not here. He rejects the here, is unhappy with it, wants to be farther up the trail but when he gets there will be just as unhappy because it will be "here". What he's looking for, what he wants, is all around him, but he doesn't want that because it is all around him. Every step's an effort, both physically and spiritually, because he imagines his goal to be external and distant" (p. 206).

Hierdie omskrywing van Pirsig (1974) verteenwoordig die eksterne ego wat altyd onversadig sal bly, omdat hy glo dat sy vervulling nie hier en nou kan plaasvind nie, maar slegs in die toekoms.

Die ontvlugting van die hier en nou in sport hou verband met die mens se onrustige en ontevrede verhouding met homself. Hy jaag na iets wat hy dink gaan beter wees as nou, omdat hy ontevrede is met die nou. Deur taakgeoriënteerd te wees kan die sportdeelnemer selfaktualisering bereik en as transformasiefiguur optree in die verbreking van die negatiewe ketting om sodoende die ligdraer te wees vir generasies wat kom.

KRITIESE OORSIG VAN DIE STUDIE

Die kombinasie van kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing was suksesvol en het goeie resultate gelewer. Die twee metodes het mekaar ondersteun en mekaar se blinde kolle oorvleuel. Dit het ook die navorser 'n insig gegee in 'n groter prentjie as wat die geval sou wees, indien slegs een metode gebruik is. Dit het die studie toegelaat om sy eie vrae te genereer en te beantwoord sonder om te veel staat te maak op die bevindinge van ander navorsers.

'n Moontlike tekortkoming is die min aandag wat gegee is aan die verskille tussen individuele- en spansportsoorte. Dit is moontlik dat deelnemers aan 'n spansportsoort meer tot taakgeoriënteerde gedrag geneig is, aangesien hul persoonlike belange ondergeskik is aan die doelwitte van die span. Lede van die span ervaar ook 'n kameraadskap van deelname deur deel van die groep te wees. Deelnemers aan individuele sportsoorte fokus dalk meer op wen, omdat dit 'n natuurlike manier is om bevoegdheid te demonstreer.

AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Moontlike areas waarop toekomstige studies kan fokus:

- Hierdie studie het gefokus op die sportdeelnemer se persepsie van die doeloriëntering en verhoudinge met ouers en afrigters. Toekomstige studies kan

die ouers en afrigters betrek om hul insette te verkry.

- Om 'n program te ontwikkel en toe te pas wat die sportdeelnemer meer taakgerig maak en om daardeur te ondersoek hoe suksesvol doeloriëntering gemanipuleer kan word.
- 'n Groter onderskeid tussen individuele- en spansportsoorte kan getref word.